

*Heidi*: nuwe mangocultivar deur NISSV geteel,  
een van die eerste vier wat in Suid-Afrika planttellersregte gekry het.

BUITENDAG E

‘N ORIENTASIEVEKTOR-MEETMETODE OM DIE VORMS VAN  
PLAT FIGURE TE BESKRYF EN TE VERGELYK, SOOS TOEGEPAS  
OP VRUG- EN BLAARPROFIELE VAN ‘N AANTAL MANGOCULTIVARS

MSc

UP

1990

# **'n Oriëntasievektor-meetmetode om die vorms van plat figure te beskryf en te vergelyk, soos toegepas op vrug- en blaarprofiële van 'n aantal mangocultivars**

**deur**

**ELISE BUITENDAG**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die  
vereiste vir die graad

**MAGISTER SCIENTIAE**

in die Fakulteit Natuurwetenskappe  
(Departement van Plantkunde)  
Universiteit van Pretoria  
Pretoria

Studieleier: Prof. dr. P.J. Robbertse  
Mede-studieleier: Prof. dr. J.A. Snymann  
Mei 1990

*Wie het die aarde afgemeet?*

*Wie laat die lig deur die wolke breek?*

*Wie het elke plant en dier gemaak*

*en Wie het die vermoë tot verandering in hulle ingebou,*

*sodat die mens kan help voortborduur aan die skeppingproses.*

*Hoe groot is die opdrag om aan elkeen van hulle 'n naam te gee  
en hoe groot die voorreg dat óns, blote maaksels,  
mag bydra tot die sisteem van ordelikheid.*

*Die uitdaging sal ons tot op die laaste dag besig hou.*

*(vgl. Job 37-42; Matt. 7:19 Gen. 2:19)*

## Inhoudsopgawe

### BLADSY

<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>INLEIDING .....</b>	1
<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>VERDUIDELIKING VAN DIE METODE .....</b>	5
2.1	Beginsel waarop die metode berus .....	5
2.2	Uitskakeling van oriëntasieverskille .....	5
2.3	Uitskakeling van grootteverskille .....	6
2.4	Definisie van identiese en verskillende vorms van plat figure .....	8
2.5	Kwantitatiewe beskrywing en vergelyking van vorms van plat figure .....	9
<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>DIE KONSTRUKSIEPROSEDURE SOOS TOEGEPAS OP MANGOVRUGPROFIELE .....</b>	13
3.1	Inleiding .....	13
3.2	Sirkelpatroon vir meting van radiale vektore .....	13
3.3	Versameling van materiaal en voorbereiding van mangovrugprofiele .....	13
3.4	Bepaling van oriëntasievektor .....	16
3.5	Beskrywing en vergelyking van vrugprofielvorms .....	18
3.6	Resultate .....	19
<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>DIE WISKUNDIGE PROSEDURE SOOS TOEGEPAS OP MANGOVRUGPROFIELE .....</b>	28
4.1	Inleiding .....	28
4.2	Bepaling van oriëntasievektor .....	28
4.3	Prosedure vir beskrywing van gemiddelde vrugprofielvorm van elke mangocultivar .....	29
4.4	Berekening van skerpheidsindeks van gemiddelde vrugprofiel van elke mangocultivar .....	31
4.5	Vormvergelyking van mangovrugprofiele .....	33
4.6	Resultate .....	38

<b>HOOFSTUK 5</b>	<b>TOEPASSING VAN DIE KONSTRUKSIEPROSEDURE OP MANGOBLAARPROFIELE .....</b>	<b>47</b>
5.1	Versameling en voorbereiding van materiaal .....	47
5.2	Bepaling van oriëntasievektor.....	47
5.3	Beskrywing en vergelyking van blaarvorms .....	47
5.4	Resultate.....	48
<b>HOOFSTUK 6</b>	<b>ALGEMENE BESPREKING .....</b>	<b>58</b>
<b>OPSOMMING.....</b>		<b>61</b>
<b>SUMMARY.....</b>		<b>62</b>
<b>DANKBETUIGINGS.....</b>		<b>63</b>
<b>BYLAE 1</b>	<b>Eenrigting variansie-analise op mangovrugprofieldata (Konstruksieprocedure) .....</b>	<b>64</b>
<b>BYLAE 2</b>	<b>Tukey se meervoudige vergelykingstoets by 'n toetspeil van 1% op mangovrugprofieldata (konstruksieprocedure).....</b>	<b>67</b>
<b>BYLAE 3</b>	<b>Eenrigting variansie-analise op mangoblaardata (konstruksieprocedure) .....</b>	<b>77</b>
<b>BYLAE 4</b>	<b>Tukey se meervoudige vergelykingstoets by 'n toetspeil van 1% op mangoblaardata (konstruksieprocedure) .....</b>	<b>81</b>
<b>BYLAE 5</b>	<b>Literatuurbespreking.....</b>	<b>93</b>
<b>BYLAE 6</b>	<b>Fourier-uitbreiding van 'n eenvoudige periodiese funksie.....</b>	<b>103</b>
<b>BYLAE 7</b>	<b>Tukey se meervoudige vergelykingstoets .....</b>	<b>115</b>
<b>LITERATUURLYS .....</b>		<b>118</b>

## HOOFTUK 1

### Inleiding

Hierdie studie het ontwikkel vanuit Suid-Afrika se betrokkenheid by die Internasionale Vereniging vir die Beskerming van Nuwe Plantvariëteite (*Union Internationale pour la Protection des Obtentions Végétales - UPOV*), 'n organisasie waardeur standarde gestel word vir die toetsing van nuwe cultivars vir die doel van planttellersregte. Nuwe plantcultivars word vandag op mededingende skaal geteel in 'n poging om aan die groeiende kommersiële behoeftes te voldoen en teling word verder gestimuleer deur die finansiële voordele van planttellersregte.

Namate die cultivars toeneem, krimp die onderlinge verskille binne elke groep en word dit al hoe moeiliker om hierdie talle subspesifieke taksa van mekaar te onderskei. Een van die grootste uitdagings van UPOV is die ontwikkeling van doeltreffende onderskeidingsmetodes.

As lidland van UPOV neem Suid-Afrika veral ten opsigte van tropiese en subtropiese vrugtegewasse 'n leidende rol in die opstel van riglyne waardeur onderskeibaarheid, homogeniteit en stabiliteit van nuwe cultivars getoets word. Met die opstel van 'n konsep vir UPOV-riglyne vir toetsing van mango (*Mangifera indica L.*) is onder andere die verskillende vrug- en blaarvorms ondersoek om cultivarverskille te probeer bepaal. Veral die vrugvorm varieer aansienlik tussen mangocultivars en daar is besef dat dié kenmerk van groot diagnostiese belang kan wees.

Uit beskikbare mangoliteratuur is gevind dat die vrugvorm as kenmerkende cultivareienskap beperk is as gevolg van beskrywende terme wat nie veel onderskeidende waarde het nie (Bondad, Rivera, Agcopra & Aurin 1984). Mangovrugte wat visueel duidelik van mekaar mag verskil, is dikwels van identiese beskrywings voorsien as gevolg van tekortkominge in die tradisionele terminologie. Verder is gevind dat die interpretasie van die terme in 'n groot mate subjektief en derhalwe inkonsekwent is.

Hoewel beskrywende terme van waarde mag wees in die visualisering van biologiese vorms, het dit duidelik geword dat hierdie terme ontoereikend is wanneer daar tussen verskillende

verwante vorms onderskei moet word. Dit was dus noodsaaklik om 'n meer presiese, objektiewe vergelykingsmetode vir mangovrugvorms te vind en dit het geblyk dat die benadering dan eerder kwantitatief as kwalitatief moet wees. Dit het geleid tot die idee om van 'n ooreenstemmende oriëntasievector vir elke vormvergelyking gebruik te maak sodat akkurate objektiewe metings gedoen kan word.

In die proses van ontwikkeling van die meetmetode vir vormbeskrywing en vergelyking en deur die toepassing daarvan op mangovrug- en blaarprofiele en verder op ander plat figure, is die beginsel soos in die onderstaande paragraaf beskryf, mettertyd geformuleer.

Dit sal inderdaad moontlik wees om die vorms van enige plat figure tot in die fynste besonderhede wat verlang word, te vergelyk, mits die figure tot dieselfde relatiewe grootte geskaal kan word met betrekking tot 'n kenmerkende ooreenstemmende oriëntasievector. So 'n oriëntasievector kan verkry word deur identifisering van ten minste twee unieke en ooreenstemmende karakteristieke punte vir elk van die figure.

Vir die mangovrug is 'n oriëntasievector aanvanklik gekonstrueer vanaf die steelaanhegting as die logiese eerste karakteristieke punt tot by die punt verste daarvandaan wat as tweede karakteristieke punt gekies is. Vir die mangoblaar lê die aangewese oriëntasievector vanaf die verbindingspunt tussen die lamina en die blaarsteel wat dien as eerste karakteristieke punt, tot by die blaarpunt as tweede karakteristieke punt. Die oriëntasievector strek dus min of meer al langs die hoofaar.

Die projek is aan die Buro vir Rekenaardienste aan die Universiteit van Pretoria voorgelê om die moontlikhede ten opsigte van rekenarisering te ondersoek. Dr. M.J. van der Linde het in hierdie verband verdere ontwikkeling geïnisieer deur voor te stel dat die sentroïde, of swaartepunt, moontlik as 'n meer stabiele tweede karakteristieke punt vir mangovrugprofiele kan dien. Prof. J.A. Snyman van die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria het die wiskundige formulering hiervoor gedoen (Snyman & Buitendag 1989) en 'n rekenaarprogram is in werking gestel.

Die variasie van die metode waar 'n oriëntasievector met die hand gekonstrueer word, word vir die doel van hierdie studieprojek die **konstruksieprocedure** genoem, terwyl die variasie waar die sentroïde die tweede karakteristieke punt vorm, die **wiskundige procedure** genoem word.

Hoewel daar aanvanklik gereken is dat die oriëntasievektor-metode 'n oorspronklike idee vir die beskrywing en vergelyking van plat biologiese vorms is, het 'n literatuursoektog aan die lig gebring dat daar reeds soortgelyke metodes ontwikkel is.

Bioloë is vanaf die vroegste tye reeds gefrustreer deur die beperkings van die tradisionele terminologie vir beskrywing van vorms en pogings tot kwantitatiewe vormbeskrywings dateer sover terug as die Pythagoreïese filosowe vyf eeue v.C. (Blackith 1965). Dit is egter D'Arcy Wentworth Thompson se invloedryke werk *On Growth and Form* (1917, volgens Bonner 1966) wat die moderne teoretiese biologie ingelei het. Die volgende stelling uit die boek beklemtoon die noodsaaklikheid van kwantifisering van kwalitatiewe eienskappe sodat objektiwiteit en dus herhaalbaarheid en betroubaarheid verhoog kan word:

*The study of form may be descriptive merely, or it may become analytical. We begin by describing the shape of an object in the simple words of common speech: we end by defining it in the precise language of mathematics; and the one method tends to follow the other in strict scientific order and historical continuity.*

Dit is egter eers in die laaste paar dekades dat die behoefte aan kwantitatiewe hantering van tradisioneel kwalitatiewe data momentum gekry het deur, aan die een kant, die toenemende hoeveelheid data wat verwerk moet word en, aan die ander kant, die snelle ontwikkeling van rekenaarfasiliteite.

Dit is opvallend dat baie bioloë ten spyte van beskikbare metodes vir kwantitatiewe vormbeskrywing en vergelyking nogtans volhou met die subjektiewe gebruik van tradisionele beskrywende terme soos byvoorbeeld ellipties, ovaal, lansetvormig, ensovoorts, terwyl die terme ondoeltreffend is vir die onderskeiding van fynere verskille tussen vorms. Een van die redes hiervoor kan wees dat die metodes gewoonlik nie in die literatuur breedvoerig genoeg verduidelik word sodat nie-wiskundiges dit maklik kan verstaan en verder kan toepas nie.

Hierdie studie bied 'n eenvoudige uiteensetting van 'n oriëntasievektormetode vir vormbeskrywing en vergelyking asook die praktiese toepassing daarvan deur middel van twee procedures. Afgesien daarvan dat die metode vormbeskrywings en vergelykings tot in die fynste besonderhede moontlik maak en objektiwiteit daaraan verleen, het dit die verdere voordeel dat die resultate vir statistiese ontleding geskik is.

Sover vasgestel kon word, is hierdie studieprojek die eerste poging om vrugvorm in fyn besonderhede kwantitatief te beskryf en te vergelyk. Literatuur wat ondersoek is, bevat hoogstens 'n paar vrugafmetings soos byvoorbeeld lengte en breedte.

Die wiskundige begrippe in hierdie verhandeling is eenvoudig uiteengesit sodat nie-wiskundiges dit maklik behoort te verstaan en terme soos radiale vektor en straal is as sinoniem gebruik. 'n Vektor is 'n reguit lyn met bepaalde lengte en rigting. Die term plat figuur word gebruik vir 'n geslote figuur wat in 'n plat vlak lê ("closed plane figure").

## HOOFSTUK 2

### Verduideliking van die metode

#### 2.1 BEGINSEL WAAROP DIE METODE BERUS

Soos reeds genoem, is die volgende beginsel deur eksperimentering vir die oriëntasievektor-metode geformuleer:

Dit is moontlik om die vorms van enige plat figure tot in die fynste besonderhede te vergelyk, mits die figure tot dieselfde relatiewe grootte geskaal kan word met betrekking tot 'n kenmerkende ooreenstemmende oriëntasievektor, wat verkry word deur identifisering van ten minste twee unieke karakteristieke punte wat ooreenstemmend is vir elk van die figure.

Dit is duidelik dat hierdie beginsel twee voorwaardes inhoud vir die vergelyking van vorms van plat figure, naamlik:

- uitskakeling van oriëntasieverkille; en
- uitskakeling van grootteverskille.


#### 2.2 UITSKAKELING VAN ORIËNTASIEVERSKILLE

Voordat die vorms van plat figure met mekaar vergelyk kan word, moet die figure dieselfde oriëntasie hê. 'n Ooreenstemmende oriëntasievektor bied 'n vaste as wat rotasie van een figuur teenoor 'n ander uitskakel.

Om 'n oriëntasievektor te bepaal moet ten minste twee unieke karakteristieke punte, voortaan landmerke genoem, geïdentifiseer word wat vir elk van die plat figure ooreenstemmend sal wees. Bookstein (1978) definieer landmerke as sigbare homoloë punte. In hierdie studieprojek word die sentroïde, hoewel onsigbaar, ook as landmerk beskou.

Vir die twee driehoede in Figuur 1, byvoorbeeld, kan die punt by die skerpste hoek naamlik  $A_1$  en  $A_2$  respektiewelik as die eerste landmerk gekies word. Vir die tweede landmerk kan die punt by die stompste hoek, naamlik  $B_1$  vir driehoek a en  $B_2$  vir driehoek b gekies word. Punt  $A_1$  is ooreenstemmend met  $A_2$  en  $B_1$  met  $B_2$  en ooreenstemmende oriëntasievektore  $\overrightarrow{A_1B_1}$  en  $\overrightarrow{A_2B_2}$  kan nou geïdentifiseer word.


Die driehoede in Figuur 1 sal dieselfde oriëntasie hê as  $\overrightarrow{A_1B_1}$  parallel is aan  $\overrightarrow{A_2B_2}$ . Voodat die vorms vergelyk kan word moet driehoek b dus eerstens kloksgewys met  $40^\circ$  geroteer word.



**FIGUUR 1 : ORIËNTASIEVERKILLE.**

### 2.3 UITSKAKELING VAN GROOTTEVERSKILLE

Nadat die ooreenstemmende oriëntasie-asse van plat figure in lyn met mekaar gebring is, word grootteverskille uitgeskakel deur normalisering van die oriëntasievektore. Dit word gedoen deur lineêre kontraksie of ekspansie tot een lengte-eenheid. Elke plat figuur word dan in sy geheel ooreenkomsdig geskaal. Die twee driehoede in Figuur 2, byvoorbeeld, sal dieselfde vorm hê indien daar 'n perfekte passing is na vergroting van  $\overrightarrow{A_1B_1}$  met 'n lineêre faktor van 2 en ooreenkomsige skaling van  $A_1C_1$  en  $B_1C_1$ . Dit spreek vanself dat selfs 'n breuk of veelvoud van die oriëntasievektor tot een lengte-eenheid genormaliseer kan word.



FIGUUR 2 : GROOTTEVERSKILLE.

Deur gebruik te maak van lengteverhoudings ten opsigte van die oriëntasievector is dit nie nodig om werklike vergrotings of verkleinings van figure te doen vir die uitskakeling van grootteverskille nie. In Figuur 2 sal die verhouding van  $\overrightarrow{BC}$  tot  $\overrightarrow{AB}$ , byvoorbeeld, vir alle identiese vorms dieselfde bly, onafhanklik van grootte. Vir identiese driehoede a en b sal dus:

$$\frac{\overrightarrow{B_1C_1}}{\overrightarrow{A_1B_1}} = \frac{3}{4} = \frac{\overrightarrow{B_2C_2}}{\overrightarrow{A_2B_2}} = \frac{6}{8} = 0,75.$$


Vir die doel van hierdie studie is al die verhoudings gerieflikheidshalwe tot persentasies verwerk. Normalisering vind dus plaas deurdat die lengte van die oriëntasievector (of 'n breuk of veelvoud daarvan) telkens as 100 eenhede gereken word. Gevolglik, in Figuur 2, sal

$$\frac{\overrightarrow{BC}}{\overrightarrow{AB}} = 75\%.$$

## 2.4 DEFINISIE VAN IDENTIESE EN VERSKILLEND VORMS VAN PLAT FIGURE


Gebaseer op die beginsel genoem onder 2.1 en die toepassing daarvan onder 2.2 en 2.3 kan nou gedefinieer word dat plat figure identiese vorms het indien die geskaalde profiele presies op mekaar pas na normalisering van die ooreenstemmende oriëntasievktore en plasing van die oriëntasievktore direk op mekaar. Verskille in vorm kan aangedui word in die mate en posisies waarin die passing nie perfek is nie.

Voorbeeld van die toepassing van die definisie word in Figuur 3 geïllustreer. Na oriëntasie en normalisering sodat oriëntasievktore  $\vec{A_1B_1}$  en  $\vec{A_2B_2}$  direk op mekaar pas, is die vorms van figure a en b identies. Na toepassing van dieselfde prosedure vir  $\vec{A_3B_3}$  en  $\vec{A_4B_4}$  kan gesien word dat die vorms van figure c en d by die gespikkeld gedeeltes verskil.



FIGUUR 3 : IDENTIESE EN VERSKILLEND VORMS VAN PLAT FIGURE VOLGENS DEFINISIE.

Die definisie sluit die moontlikheid uit dat die vorms van spieëlbeelde as identies beskou kan word. In Figuur 4 is plat figure a en b spieëlbeelde van mekaar en sal nie dieselfde vorm hê tensy een van die twee omgekeer word nie.



FIGUUR 4 : SPIEËLBEELDE.


## 2.5 KWANTITATIEWE BESKRYWING EN VERGELYKING VAN VORMS VAN PLAT FIGURE

Na identifisering van die landmerke en vasstelling van die oriëntasievektor kan enige verdere punte vir 'n plat figuur geïdentifiseer word deur bepaling van spesifieke koördinate ten opsigte van 'n x- en y-as. Na normalisering kan die posisies van spesifieke punte by een figuur in verband gebring word met ooreenstemmende koördinate by 'n ander figuur. So kan ooreenstemmende punte geïdentifiseer word waar 'n kwantitatiewe waarde aan die afwyking van een vorm teenoor 'n ander gegee kan word.

In hierdie studie is daar van straallengtes of radiale vektore,  $r(\theta)$ , gebruik gemaak vir die identifisering van spesifieke punte. Die radiale vektore straal uit vanaf 'n middelpunt, O, wat op enige spesifieke plek op die oriëntasievektor gekies kan word, maar ooreenstemmend moet wees vir al die figure wat vergelyk word. Die oriëntasievektor lê op die y-as met  $0^\circ$  boven punt O en  $180^\circ$  onder punt O. Die hoeke vergroot kloksgewys en die x-as strek deur die  $90^\circ$ - en  $270^\circ$ -radii.

Figuur 5 toon byvoorbeeld twee verskillende blaarprofiële a en b, met ooreenstemmende oriëntasievektore  $\vec{A_1B_1}$  en  $\vec{A_2B_2}$ . In hierdie geval is punt O gerieflikheidshalwe op die middelpunt van elke oriëntasievektor gekies. Die vorms van die twee blaarprofiële kan kwantitatief beskryf word tot in die fynste besonderhede wat verlang word, deur verskillende radiale vektore te meet en elkeen van hierdie waardes in verhouding tot  $\vec{OB}$  uit te druk. Soos onder 2.3 genoem, is die verhoudings vir die doel van hierdie studie tot persentasies verwerk.

Punte C en D is byvoorbeeld geïdentifiseer waar profiel a en b onderskeidelik die  $45^\circ$ -radius sny. Punte E en F is soortgelyk op die  $90^\circ$ -radius en G en H by  $135^\circ$  geïdentifiseer. Die vorms van blaarprofiële a en b kan dan soos volg by die drie hoeke beskryf word:



**FIGUUR 5 : KWANTITATIEWE BESKRYWING VAN VORMS VAN PLAT FIGURE.**

**Blaarprofiel a**

$$\frac{\overrightarrow{OC}}{\overrightarrow{OB}_1} \quad (45^\circ) = \frac{4}{10} = 40\%$$

$$\frac{\overrightarrow{OE}}{\overrightarrow{OB}_1} \quad (90^\circ) = \frac{5}{10} = 50\%$$

$$\frac{\overrightarrow{OG}}{\overrightarrow{OB}_1} \quad (135^\circ) = \frac{7}{10} = 70\%$$

**Blaarprofiel b**

$$\frac{\overrightarrow{OD}}{\overrightarrow{OB}_2} \quad (45^\circ) = \frac{3}{5} = 60\%$$

$$\frac{\overrightarrow{OF}}{\overrightarrow{OB}_2} \quad (90^\circ) = \frac{2,5}{5} = 50\%$$

$$\frac{\overrightarrow{OH}}{\overrightarrow{OB}_2} \quad (135^\circ) = \frac{3}{5} = 60\%.$$

Figuur 6 toon die geskaalde profiele a en b van Figuur 5 met die halflengtes van die oriëntasievektore tot een lengte-eenheid genormaliseer en direk op mekaar geplaas. Dus

$$\frac{\overrightarrow{A_1B_1}}{2} = \frac{\overrightarrow{A_2B_2}}{2} = \overrightarrow{OB}.$$

Die 20% afwyking van profiel b ten opsigte van profiel a in verhouding tot die oriëntasievektor kan nou by ooreenstemmende punt C op 'n hoek van  $45^\circ$  direk afgelees word. Ook kan die ooreenkoms tussen die twee profiele by  $90^\circ$  duidelik gesien word, asook die 10% verskil by  $135^\circ$ :


$$OD (45^\circ) - OC (45^\circ) = 20\%$$

$$OF (90^\circ) - OE (90^\circ) = 0\%$$

$$OH (135^\circ) - OG (135^\circ) = -10\%.$$

In die algemeen kan die verskil,  $\Delta$ , na normalisering by enige hoek, ( $\Theta$ ), soos volg vir hierdie twee plat figure geformuleer word:

$$\Delta (\Theta) = \frac{\frac{r_b}{\overrightarrow{OB}_1} (\Theta)}{\overrightarrow{OB}_1} - \frac{\frac{r_a}{\overrightarrow{OB}_2} (\Theta)}{\overrightarrow{OB}_2}.$$



FIGUUR 6: KWANTITATIEWE VERGELYKING VAN VORMS VAN PLAT FIGURE.

## HOOFSTUK 3

# Die konstruksieprocedure soos toegepas op mangovrugprofiele

### 3.1 INLEIDING

Soos in Hoofstuk 1 genoem, word die variasie van die metode waarin 'n oriëntasievektor met die hand gekonstrueer word, vir die doel van hierdie studie die konstruksieprocedure genoem, in teenstelling met die wiskundige prosedure (Hoofstuk 4) waar die oriëntasievektor wiskundig bereken word.

### 3.2 SIRKELPATROON VIR METING VAN RADIALE VEKTORE


Om die meting van radiale vektore te vergemaklik is 'n sirkelpatroon gekonstrueer, soos hieronder beskryf.

'n Patroon van konsentriese sirkels, gelyke afstande vanaf mekaar (1 cm) en deurkruis met strale op spesifieke hoeke (elke  $5^\circ$ ), is gekonstrueer (Figuur 7). Die hoeke vergroot kloksgewys en die  $0^\circ$ - en  $180^\circ$ -lyn vorm die y-as. Om akkuraatheid te verkry is die konstruksie deur middel van 'n rekenaar gedoen. Die sirkelpatroon is daarna fotografies oorgedra op 'n sterk vel deurskynende plastiek.

Vir vormbeskrywing en -vergelyking van plat figure word hierdie sirkelpatroon om die beurt op elk van die betrokke figure geplaas met die middelpunt van die sirkelpatroon direk op gekose punt O (soos onder 2.5 beskryf) en met die y-as direk op die oriëntasievektor van die figuur. Die lengtes van die radiale vektore word dan by verskillende gekose hoeke afgelees.

### 3.3 VERSAMELING VAN MATERIAAL EN VOORBEREIDING VAN MANGOVRUGPROFIELE

Een-en-twintig mangocultivars, verteenwoordig deur nege bome elk, is uit 'n eksperimentele boord by die Navorsingsinstituut vir Sitrus en Subtropiese Vrugte op




FIGUUR 7 : SIRKELPATROON

Nelspruit geselekteer. 'n Paar kommersieel minder belangrike cultivars is ingesluit waarvan slegs twee tot vier 21-jarige bome beskikbaar was. Die bome staan in 'n variëteitsboord op 'n enkele perseel en daar word aanvaar dat hulle aan eenvormige omgewingstoestande en boerderypraktyke onderworpe is. Al die bome het die cultivar Peach as onderstam.

'n Ewekansige monster van 30 gesonde volwasse vrugte per cultivar is gedurende 'n enkele seisoen van die totale aantal geselekteerde bome gepluk. Uitsonderlike klein, minderwaardige vruggies is uitgelaat.

Die mangovrug is asimmetries en elke vrug is presies op die simmetrievlak in die lengte deurgesaag, dus deur die steelaanhegting en die litteken van die styl. Die vrugprofiële is op papier afgetrek, met 'n vel koolpapier tussenin om te verhoed dat die onderste papier nat word. Die twee vrughelftes is spieëlbeeldelike van mekaar en slegs die helfte is gebruik wat 'n profiel sal gee met die litteken van die styl aan die linkerkant en die steelaanhegting na bo (Figuur 8). Dit is ook die konvensionele aansig vir vrugvormvergelyking in die mangoliteratuur (Mukherjee 1953; Singh 1960).




**FIGUUR 8:** AANSIG VAN MANGOVRUGPROFIELE WAT VIR VORMBESKRYWING EN -VERGELYKING GEBRUIK IS.


### 3.4 BEPALING VAN ORIËNTASIEVEKTOR

Mangovrugvorm word in die beskikbare literatuur beskryf met betrekking tot 'n vertikale as soos wat die vrug aan die boom hang (Sturrock & Wolfe 1944). Hierdie as het geen verwantskap met enige spesifieke punte nie en gevolglik kan dit in 'n groot mate roteer. Dit lei tot subjektiwiteit en onakkuraatheid in die beskrywing en vergelyking van vrugvorms. In Figuur 9 kan gesien word dat 'n vrug met 'n prominente linkerskouer (profiel b) na regs mag kantel met die gevolg dat die vertikale as op enige plek tussen CD en EF gekies kan word.

Om 'n vaste as vir akkurate vormbeskrywing en -vergelyking van die mangovrug te bepaal, is die beginsel soos in Hoofstuk 2 uiteengesit, toegepas. Die eerste landmerk (sien 2.2) vir identifisering van 'n ooreenstemmende oriëntasievektor was voor-die-handliggend die middel van die steelaanhegting (punt A op Figuur 10). Vir die tweede landmerk is daar besluit om deur konstruksie van 'n raaklyn die verste punt daarvandaan te neem (punt B). Die middelpunt van oriëntasievektor  $\overrightarrow{AB}$  is vir ooreenstemmende punt O geneem. Die halflengte van die oriëntasievektor,  $\overrightarrow{OA}$ , verteenwoordig dus die  $0^\circ$  radius met middelpunt O waarvandaan die hoeke kloksgewys toeneem.




FIGUUR 9 : MANGOVRUGPROFIELE MET KONVENTIONELE VERTIKALE AS.



**FIGUUR 10 : MANGOVRUGPROFIELE MET GEKONSTRUEERDE ORIËNTASIEVEKTOR.**

Dit sou moontlik gewees het om die litteken van die styl as tweede landmerk te neem, en dit mag miskien van waarde wees in 'n latere studie van ware verwantskappe tussen verskillende cultivars, maar vir hierdie studie is daar besluit om die punt verste van die steelaanhegting te kies aangesien dit 'n meer eweredige verdeling van die totale oppervlak van die vrugprofiel gee.

Daar is in sommige gevalle gevind dat die tweede landmerk (die punt verste van die steelaanhegting) van links na regs fluktueer en 'n rotasie van die oriëntasievektor veroorsaak. Dié probleem is slegs by sommige vrugprofiële van die twee cultivars Anderson en Extrema ondervind (Figuur 11, a en b onderskeidelik), waar 'n uitsonderlike groot uitbulting in die omgewing van die stylitteken mag voorkom. In hierdie gevalle is die regterkantse punt ( $B_1$ ) as tweede landmerk vir konstruksie van die oriëntasievektor geneem. Volgens die wiskundige prosedure, soos in Hoofstuk 4 uiteengesit, word die probleem uitgeskakel.



**FIGUUR 11:** ONSTABILITEIT VAN ORIËNTASIEVEKTOR BY VRUGPROFIELE VAN DIE CULTIVARS ANDERSON EN EXTREMA.

### 3.5 BESKRYWING EN VERGELYKING VAN VRUGPROFIELVORMS

Die sirkelpatroon soos beskryf onder 3.2 is om die beurt op elk van die vrugprofiel geplaas met die y-as direk op die oriëntasievektor en die middelpunt van die sirkelpatroon op gekose punt O (sien 3.4). Spesifieke straal lengtes is op die sirkelpatroon afgelees en die lengtes is genormaliseer tot persentasies van  $\overrightarrow{OA}$ , die halflengte van oriëntasievektor  $\overrightarrow{AB}$  soos onder 2.3 verduidelik.

As alle vrugte van 'n enkele cultivar presies dieselfde vorm gehad het, sou hulle profiele na oriëntering en normalisering presies en skerp op mekaar gepas het. Aangesien daar egter natuurlike variasie voorkom, is die gemiddelde vrugprofielvorm vir elke cultivar bepaal. Daar mag gevalle voorkom waar die vrugprofiel van 'n spesifieke cultivar soveel varieer dat die gemiddelde vorm nie as karakteristiek beskou kan word nie. Gevolglik is ook die "skerpheid" van die gemiddelde vrugprofiel van elke cultivar by elke betrokke hoek deur middel van die Koëffisiënt van Variasie (K.V.) bepaal.

Daar is besluit dat 'n vormvergelyking by agt hoeke voldoende sal wees om die vernaamste verskille te bepaal. Die  $45^\circ$ -,  $135^\circ$ -,  $225^\circ$ - en  $315^\circ$ -hoeke is ingesluit om die algemene vorm van elke vrugprofiel in elk van die vier kwadrante te kwantifiseer, terwyl die  $10^\circ$ - en  $335^\circ$ -hoeke waardes gee aan die prominensie van die regter- en linkerskouer onderskeidelik. Die  $90^\circ$ - en  $270^\circ$ -hoeke dui die vrugbreedte halfpad tussen die steelaanhegting en die punt aan. Hierdie afmeting is natuurlik nie noodwendig die maksimum vrugbreedte nie. Verder is die oriëntasievektor  $\vec{AB}$  nie noodwendig die maksimum vruglengte nie aangesien die steelaanhegting ingesak mag wees, soos byvoorbeeld by 'n vrug met hoë skouers.

### 3.6 RESULTATE

Tabel 1 toon vir elk van die 21 mangocultivars wat vir die ondersoek gebruik is, die gemiddelde lengtes van die agt gekose radiale vektore, genormaliseer tot persentasies van die halflengtes van die ooreenstemmende oriëntasievektore. Die gemiddeldes is uit 30 vrugproifiele per cultivar bereken.

Die gemiddelde genormaliseerde vrugprofiel van elke cultivar, soos uitgebeeld by die agt hoeke wat ondersoek is, word in Figure 12 tot 31 voorgestel. Hulle is gerangskik in volgorde van stygende gemiddelde genormaliseerde straal lengte vir al agt hoeke tesame. Elkeen word vergelyk met die gemiddelde genormaliseerde vrugprofiel van Kensington as standaard, wat reg in die middel van die lys is.

**TABEL 1**


**GEMIDDELDE LENGTES VAN AGT RADIALE VEKTORE VAN  
MANGOVRUGPROFIELE GENORMALISEER TOT PERSENTASIES  
VAN DIE OORENSTEMMENDE ORIËNTASIEVEKTORE**

**(Dertig vrugprofiele per cultivar, 21 cultivars)**


CULTIVAR	10°	45°	90°	135°	225°	270°	315°	335°
ADA	95,26	86,45	76,89	87,33	84,35	82,43	104,60	105,43
AND	69,72	40,41	38,94	64,76	43,41	39,14	56,53	74,29
CAR	92,37	71,09	62,66	79,86	80,95	81,30	94,88	101,68
EAR	96,27	76,62	65,30	79,96	71,69	76,13	97,69	104,05
EXT	101,63	115,62	106,31	100,31	103,81	143,33	159,98	141,84
FAS	98,60	98,78	93,86	96,86	91,48	101,31	118,71	113,43
FLO	101,32	88,56	79,51	90,30	75,99	88,22	104,39	106,07
GOU	98,27	88,26	80,00	89,73	60,12	54,78	79,72	96,76
HAD	99,35	91,72	82,45	90,93	85,57	94,75	115,30	119,86
HOO	99,73	90,78	89,03	97,49	88,91	100,72	114,20	112,46
IRW.	103,78	85,48	71,99	85,98	75,85	80,15	104,47	111,18
KEI	95,24	78,52	72,36	83,72	81,90	84,96	99,88	102,02
KNS	97,74	90,29	87,28	93,56	76,19	76,56	99,66	106,24
NIM	104,25	99,37	88,84	93,83	94,03	116,17	141,14	137,90
PEA	96,39	86,25	78,63	90,05	80,77	87,20	99,81	101,89
RUB	87,95	64,32	57,08	75,92	69,97	63,89	76,45	87,40
SAB	90,67	62,31	58,35	77,13	47,91	47,32	66,04	84,88
SEN	98,36	87,46	81,33	92,27	90,35	90,26	100,66	101,74
SHE	98,71	94,66	85,94	93,02	96,80	111,84	125,09	120,29
SMI	92,62	71,85	62,60	77,79	71,43	74,24	91,65	96,26
ZIL	99,36	90,06	84,45	92,63	82,80	80,07	101,48	110,01

**Afkortings van cultivarname:**


ADA - Adams	GOU - Gouveia	PEA - Peach
AND - Anderson	HAD - Haden	RUB - Ruby
CAR - Carrie	HOO - Hood	SAB - Sabre
EAR - Early Gold	IRW - Irwin	SEN - Sensation
EXT - Extrema	KEI - Keitt	SHE - Sheil
FAS - Fascell	KNS - Kensington	SMI - Smith
FLO - Florigon	NIM - Nimrod	ZIL - Zill




FIGUUR 12: ANDERSON




FIGUUR 13: SABRE




FIGUUR 14: RU




FIGUUR 17: EARLY GOLD




FIGUUR 18: GOUVEIA




FIGUUR 19: KE




FIGUUR 22: FLORIGON




FIGUUR 23: SENSATION




24



FIGUUR 27: HOOD




FIGUUR 28: SHEIL



FIGUUR 29: FASC

FIGURE 12-31: GEMIDDELDE GENORMALISEERDE VRUGPROFIELE BY AGT  
HOEKE (—), VERGELYK MET DIÉ VAN KENSINGTON (-----).



**FIGUUR 15 :**  
**(VERGROOT)** GEMIDDELDE GENORMALISEERDE VRUGPROFIEL VAN  
SMITH (—) BY AGT HOEKE, VERGELYK MET DIé VAN  
KENSINGTON (-----).

Vir elke hoek afsonderlik wat in die vrugvormvergelyking gebruik is, is 'n eenrigting variasie-analise uitgevoer (Bylae 1) om te bepaal of daar betekenisvolle verskille tussen die vrugprofielvorms van die cultivars gevind kon word. Daar is hoogs betekenisvolle verskille by 'n toetspeil van 1% gevind. Tabel 2 toon die Koëffisiënte van Variasie (in %) van die gemiddelde genormaliseerde straallengte van elke cultivar by elk van die agt hoeke, asook die gemiddelde K.V.-waardes van al agt hoeke tesame. Die K.V.-waardes gee 'n aanduiding van die mate waarin daar by elke hoek op die gemiddelde vrugprofiel van 'n cultivar van 'n karakteristieke vorm gepraat kan word. 'n Relatiewe klein K.V. vir 'n spesifieke hoek dui op 'n "skerpheid" van die profiel in daardie rigting wat beteken dat die gemiddelde lengte van die spesifieke radiale vektor 'n onderskeidende vrugvormkenmerk vir die cultivar mag wees.

TABEL 2

KOËFFISIËNTE VAN VARIASIE (IN %) VAN GEMIDDELDE GENORMALISEERDE RADIALE VEKTORE SOOS AANGEGEE IN TABEL 1 ASOOK GEMIDDELDE K.V. PER CULTIVAR

CULTI-VAR	10°	45°	90°	135°	225°	270°	315°	335°	GEMIDDEL-DE K.V.
ADA	2,1	4,8	4,7	3,2	5,7	5,8	4,0	3,6	4,2
AND	19,0	26,0	22,8	11,8	20,3	26,4	25,0	21,5	21,6
CAR	5,0	7,9	8,1	6,2	7,0	8,3	6,7	5,4	6,8
EAR	4,3	10,3	9,4	6,2	7,5	11,0	7,7	5,6	7,7
EXT	3,0	4,2	4,7	2,9	5,4	9,9	12,4	12,0	6,8
FAS	2,6	5,3	5,9	3,4	6,9	8,8	7,9	5,9	5,8
FLO	5,3	9,0	7,9	4,7	4,6	6,4	5,2	3,8	5,9
GOU	3,4	8,0	7,1	4,4	12,8	12,0	7,9	4,8	7,6
HAD	1,9	4,8	4,5	2,6	4,1	5,2	5,2	4,5	4,1
HOO	2,0	6,3	6,4	4,0	4,0	4,9	4,1	4,1	4,5
IRW	3,1	6,2	6,7	4,2	5,2	6,8	5,7	4,4	5,3
KEI	2,7	6,8	6,1	3,5	6,3	9,5	7,3	4,3	5,8
KNS	2,9	5,3	6,0	3,6	9,6	8,2	6,2	3,9	5,7
NIM	3,2	6,1	6,6	3,9	6,0	6,7	5,6	5,8	5,5
PEA	1,8	5,5	4,0	3,0	4,8	5,1	4,1	2,9	3,9
RUB	4,5	7,1	7,0	4,4	6,6	7,3	6,8	4,7	6,1
SAB	4,4	12,0	10,5	5,5	10,4	13,0	10,5	5,2	8,9
SEN	1,7	5,0	4,9	3,2	6,7	6,6	9,0	4,1	5,6
SHE	2,5	6,3	7,8	5,0	5,5	5,5	5,5	4,6	5,3
SMI	2,5	7,4	8,7	4,6	8,4	9,7	7,1	5,9	6,8
ZIL	3,0	6,2	5,7	4,2	5,7	6,4	6,2	4,8	5,3

Vir volledige cultivarname sien Tabel 1.


Hoewel die K.V.-waardes onderling vir 'n spesifieke hoek vergelyk kan word, moet daar in ag geneem word dat die waardes by die verskillende hoeke sal verskil. By  $10^\circ$ , byvoorbeeld, sal die waarde die kleinste wees aangesien die hoek relatief naby die steelaanhegting ( $0^\circ$ ) lê waar die K.V. = 0%. By  $270^\circ$  is die K.V. gewoonlik die grootste omdat die hoek ver van  $0^\circ$  en  $180^\circ$  lê en die vrugvorm in dié rigting verder beïnvloed word deur die groot variasie wat in die linkerskouer voorkom. Daar is arbitrêr besluit om 'n gemiddelde K.V. van  $\leq 10\%$  vir al agt hoeke tesame as 'n standaard vir 'n karakteristieke vrugprofielvorm te aanvaar. Volgens hierdie standaard sal die gemiddelde vrugprofiel van Anderson met 'n gemiddelde K.V. van 21,6% die enigste wees waarvan die vorm te diffus is om as karakteristiek beskou te word.

Na aanleiding van die hoogs betekenisvolheid van die resultate van die eenrigting variansie-analise, is Tukey se meervoudige vergelykingstoets (Van Ark 1981; SAS Institute Inc. 1985) by 'n 1% toetspeil uitgevoer om die cultivars by elk van die agt hoeke met mekaar te vergelyk (Bylae 2).

Die resultate van Tukey se toets word grafies voorgestel in Figuur 32. Die cultivars is in stygende volgorde van gemiddelde straallengte vir al agt hoeke tesame gerangskik. Soos uit die Figuur waargeneem kan word, is Adams en Peach die enigste twee cultivars waarvan die genormaliseerde gemiddelde straallengte by geen van die agt hoeke betekenisvol verskil nie. Die vrugprofiel van Anderson, hoewel dit nie 'n karakteristieke vorm het nie, verskil soveel van al die ander dat dit by elke hoek onderskeibaar is, behalwe van Sabre by  $225^\circ$ .

Aangesien die Kleinste Betekenisvolle Verskil-waardes (K.B.V.-waardes), soos verkry uit Tukey se toets (sien Bylae 7), as persentasie-verskille uitgedruk is en die verskille in gemiddelde lengtes van die radiale vektore reeds tot persentasie-verskille genormaliseer is, kan die K.B.V.-waarde vir elke hoek direk met die gemiddelde straallengtes vir die spesifieke hoek in verband gebring word. 'n K.B.V. van 5,77% by  $225^\circ$  beteken dus dat die gemiddelde genormaliseerde radiale vektorlengte van die vrugprofiel van een cultivar in daardie posisie ten minste 5,77% van dié van 'n ander moet verskil om betekenisvol verskillend te wees.

Nou kan die verskille tussen die gemiddelde genormaliseerde vrugprofiële van elk van die cultivars en dié van Kensington, soos in Tabel 1 en Figure 12 tot 31 aangedui, in terme van die K.B.V.-waardes met Figuur 32 in verband gebring word. Kensington en Smith (Figuur 15 - vergroot, bl. 22) verskil byvoorbeeld met  $(90,29\% - 71,85\%) = 18,44\%$  by  $45^\circ$ , dus meer as die K.B.V. van 6,32%, en die verskil is dus betekenisvol. By  $270^\circ$  is die verskil egter nie betekenisvol nie, naamlik  $(76,56\% - 74,24\%) = 2,32\%$ , dus minder as 7,48%.



Cultivars in stygende volgorde gerangskik volgens gemiddelde lengtes vir al agt hoeke tesame.  
Vir volledige cultivarname sien Tabel 1.

#### KLEINSTE BETEKENISVOLLE VERSKIL (K.B.V.-WAARDE)

10°	45°	90°	135°
225°	270°	315°	335°


BETEKENISVOLLE VERSKIL  
 JA       NEE

10°	45°	90°	135°	225°	270°	315°	335°
4,41	6,32	5,63	4,14	5,77	7,48	8,58	7,33

**FIGUUR 32: VERGELYKING TUSSEN GEMIDDELDE GENORMALISEERDE VRUGPROFIELE VAN 21 MANGOCULTIVARS BY AGT HOEKE, VOLGENS TUKEY SE MEERVOUDIGE VERGELYKINGSTOETS BY 'N TOETSPEIL VAN 1%.**

'n Korrelasie-analise is by 'n toetspeil van 1% uitgevoer om te bepaal of dit wel nodig is om die vrugvormvergelyking by al agt die hoeke wat ondersoek is, uit te voer. Die resultate verskyn in Figuur 33. Hieruit kan gesien word dat daar by al 21 die cultivars wat ondersoek is, 'n korrelasie tussen die 45°- en 90°-hoeke bestaan. Aangesien daar ook by 20 van die cultivars 'n korrelasie tussen die 90°- en 135°-hoeke aanwesig is, kan afgelei word dat vormvergelyking by 90° oorbodig is. Ook kan die 335°-hoek moontlik uitgelaat word, aangesien dit by 20 cultivars met die 315°-hoeke gekorreleer is.

Die orige ses hoeke sou dus voldoende gewees het vir 'n diagnostiese beskrywing en vergelyking van die vrugprofielvorms van hierdie 21 mangocultivars.



ADA	AND	CAR	EAR	EXT	FAS	FLO
GOU	HAD	HOO	IRW	KEI	KNS	NIM
PEA	RUB	SAB	SEN	SHE	SMI	ZIL

KORRELASIE AANWE SIG

JA       NEE

Vir volledige cultivarname sien Tabel 1.

**FIGUUR 33: MANGOVRUGPROFIELVORM – CULTIVARS WAARBY 'N KORRELASIE BY 'N TOETSPEIL VAN 1% BY AGT HOEKE VOORKOM.**

## HOOFTUK 4

# Die wiskundige prosedure soos toegepas op mangovrugprofiele


### 4.1 INLEIDING

Die wiskundige prosedure is 'n poging om die vorms van plat figure te beskryf en te vergelyk waarvoor slegs een landmerk geïdentifiseer kan word. 'n Tweede landmerk word dan wiskundig bereken. Die prosedure bied 'n oplossing vir byvoorbeeld die probleem onder 3.4 bespreek, waar die tweede landmerk van die mangovrugprofiele soos volgens die konstruksieprosedure gekies, soms onstabiel kan wees.

Dieselde mangovrugprofiele wat vir die konstruksieprosedure gebruik is (vergelyk 3.3), is ook vir die wiskundige prosedure gebruik. Die ondersoek is egter in hierdie geval beperk tot agt cultivars (twintig vrugprofiele van elk), aangesien dit as voldoende beskou is om die prosedure te beproef. Die ontwikkeling van die rekenaarprosesse hou groot kostes in en die programme moet nog verfyn word om vlotter te verloop.

### 4.2 BEPALING VAN ORIËNTASIEVEKTOR

Elke plat figuur besit 'n unieke punt naamlik die sentroïde, of massamiddelpunt, wat wiskundig bereken kan word. Hierdie punt (punt C in Figuur 34) is vir die mangovrugprofiele as tweede landmerk gekies. Die eerste landmerk was weer eens die middel van die steelaanhegting, punt A. Deur van hierdie twee unieke, karakteristieke, ooreenstemmende punte as landmerke gebruik te maak, kon 'n ooreenstemmende oriëntasievektor  $\vec{CA}$  vir elk van die mangovrugprofiele bepaal word. Dit was dus moontlik om volgens die definisie onder 2.4 uiteengesit 'n vormvergelyking van die mangovrugprofiele uit te voer.



**FIGUUR 34 : MANGOVRUGPROFIEL MET SENTROÏDE, PUNT C, EN ORIËNTASIEVEKTOR CA.**


#### **4.3 PROSEDURE VIR BESKRYWING VAN GEMIDDELDE VRUGPROFIELVORM VAN ELKE MANGOCULTIVAR**

Om voorsiening te maak vir natuurlike variasie in vrugvorm binne 'n cultivar, was dit nodig om die gemiddelde vrugprofielvorm van elke cultivar te bepaal. Dit is gedoen volgens 'n meetprosedure wat uit die volgende stappe bestaan:

- (a) Vir elke cultivar word 'n monster van N vrugprofiële ewekansig gekies.
- (b) Vir elke individuele profiel,  $i=1,2,\dots,N$ , word die buitelyn versyfer. Die versyfering is uitgevoer met GTCO Corporation versyfера van A0-grootte, "digidpad" 5, "firmware version" T3.2.
- (c) Die posisie  $(x_c; y_c)$  van die sentroïde (punt C) word bereken deur gebruik te maak van die formules
 
$$x_c = \frac{\int x ds}{\int ds}$$

$$y_c = \frac{\int y ds}{\int ds}$$
 waar  $ds$  'n elementêre oppervlakte elementjie is en die integrasie oor die hele ingeslotte oppervlak S uitgevoer word (Figuur 34). Die integrasie is deur middel van die trapezium reël gedoen.
- (d) Vir elke individuele profiel word die oriëntasievektor  $\vec{CA}$  genormaliseer (lengte van  $\vec{CA} = 1$ ) en die profiel word ooreenkomsdig geskaal.

- (e) Vir elke individuele profiel word die lengte van die buitestraal  $r_i$  (radiale vektor) met betrekking tot  $\vec{CA}$  op kloksgewyse hoekintervalle van  $\delta$  grade bereken, deur lineêre interpolasie van die gedigitaliseerde data. Dit gee die gediskretiseerde vorm van die profiel, wat 'n akkurate kwantitatiewe beskrywing is in soveel rigtings as wat verlang word:  
 $r_i(\theta)$  word dus bereken vir  $\theta = \delta, 2\delta, 3\delta, \dots, p\delta; (p+1)\delta = 360^\circ$  (Figuur 35).




**FIGUUR 35 :** MANGOVRUGPROFIEL MET RADIALE VEKTOR  $r_i(\theta)$  WAT BEREKEN WORD VIR SPESIFIEKE KLOKSGEWYSE HOEK-INTERVALLE MET BETREKKING TOT GENORMALISEERDE ORIËNTASIEVEKTOR  $\vec{CA}$ .

- (f) Die gemiddelde gediskretiseerde profielvorm vir elke cultivar word vervolgens met die volgende formule bereken:

$$\bar{r}(\theta) = \frac{1}{N} \sum_{i=1}^N r_i(\theta); \quad \theta = \delta, 2\delta, 3\delta, \dots, p\delta; (p+1)\delta = 360^\circ$$

en vir al die hoeke word die ooreenstemmende standaardafwykings  $\sigma(\theta)$  bereken (Figuur 36).



**FIGUUR 36 : GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE MANGOVRUGPROFIELVORM  $r(\theta)$  MET OOREENSTEMMENDE STANDAARDAFWYKINGS  $\sigma(\theta)$  IN STIPPELYNE AANGEDUI.**

Daar is vir die doel van hierdie studie besluit om die hoekintervalle op  $3^\circ$  te neem ( $\delta = 3^\circ$ ).

Stappe (c) tot (f) asook die berekening van die skerpheidsindeks onder 4.4 en die vormvergelyking onder 4.5 word outomaties uitgevoer volgens 'n rekenaarprogram wat deur prof. Snyman ontwikkel is, soos in Hoofstuk 1 genoem (Snyman & Buitendag 1989).

#### **4.4 BEREKENING VAN SKERPHEIDSINDEKS VAN GEMIDDELDE VRUGPROFIEL VAN ELKE MANGOCULTIVAR**

In gevalle waar die variasie in vrugvorm binne 'n enkele cultivar min is, sal die vrugprofiel na oriëntering en normalisering skerp op mekaar pas, wat dui op 'n karakteristieke vorm. Om te toets of die gemiddelde vrugprofiel van 'n spesifieke cultivar wel 'n karakteristieke vorm het en of dit te diffuus is om as kenmerkend beskou te word, is 'n "skerpheidsindeks", S, vir elkeen bereken. Dit gee 'n kwantitatiewe waarde aan die betekenis van die gemiddelde vrugprofiel as kenmerkende eienskap vir die spesifieke cultivar.

Die skerpheidsindeks kan soos volg in terme van die standaardafwykings gedefinieer word:

$$\text{Skerpheidsindeks } S = \text{ maksimum } \frac{(\sigma(\theta))}{(\bar{r}(\theta))}; \theta = \delta, 2\delta, 3\delta, \dots, p\delta; (p+1)\delta = 360^\circ.$$

As die gemiddelde genormaliseerde straallengte vir 'n spesifieke cultivar byvoorbeeld by  $45^\circ$  gelyk is aan 20% en die standaardafwyking by daardie hoek is 2%, dan is

$$\frac{(\sigma(45^\circ))}{(\bar{r}(45^\circ))} = \frac{2}{20} = 0,1.$$

As hierdie verhouding by al die ander betrokke hoeke kleiner as 0,1 is, dan sal die skerpheidsindeks gelyk wees aan 0,1.

Hoe kleiner die waarde van  $S$ , hoe meer karakteristiek is die gemiddelde vrugprofielvorm van die spesifieke mangocultivar. 'n  $S$ -waarde van  $\leq 0,1$  is geneem as 'n maatstaf vir 'n sterk karakteristieke vorm. Vir  $0,1 < S \leq 0,2$  is die beslissing swakker maar 'n kenmerkende vorm kan nog onderskei word. Vir  $S > 0,2$  is die vorm egter as te diffus beskou om vir die spesifieke cultivar as 'n diagnostiese kenmerk van waarde te wees.

Die skerpheidsindeks asook 'n aanduiding van die karakteristieke betekenis van die gemiddelde vrugprofiel van elk van die agt mangocultivars wat ondersoek is, word in Tabel 3 aangedui.

**TABEL 3**  
**SKERPHEIDSINDEKS EN AANDUIDING VAN KARAKTERISTIEKE BETEKENIS**  
**VAN GEMIDDELDE MANGORUGPROFIELVORMS**  
**(Twintig vrugprofiële per cultivar, agt cultivars;  $\delta = 3^\circ$ )**

Cultivar	Skerpheidsindeks ( $S$ )	Karakteristieke betekenis van gemiddelde vrugprofielvorm
Anderson	0,15	*
Extrema	0,07	**
Florigon	0,08	**
Kensington	0,06	**
Nimrod	0,08	**
Peach	0,04	**
Sandersha	0,46	-
Sensation	0,08	**

- \*\*  $S \leq 0,1$       - sterk karakteristieke vorm
- \*  $0,1 < S \leq 0,2$       - swak karakteristieke vorm
- $S > 0,2$       - vorm nie karakteristiek nie

#### 4.5 VORMVERGELYKING VAN MANGOVRUGPROFIELE

Nadat die gemiddelde genormaliseerde vrugprofielvorm van elke mangocultivar op spesifieke hoekintervalle presies beskryf is en nadat die karakteristieke betekenis van elk deur middel van 'n skerpheidsindeks bepaal is, was dit moontlik om 'n vormvergelyking te doen. Hieroor is slegs die cultivars met 'n sterk karakteristieke vrugprofielvorm ( $S \leq 0,1$ ) gebruik.

In die toepassing van die prosedure vir vormvergelyking is dit telkens nodig om tussen 'n standaardprofiel en 'n toetsprofiel te onderskei. Enige gemiddelde gediskretiseerde profiel kan as standaard geneem word en die toetsprofiel kan ook die gemiddelde profiel van 'n cultivar wees of dit kan selfs 'n enkele profiel wees. Die toetsprofiel kan beskou word as 'n "vreemde" profiel wat vir identifikasiedoeleindes teen verskillende cultivars getoets word.

Die volgende prosedure is toegepas:

- (a) Die gediskretiseerde vorm  $r_t(\theta)$  van die genormaliseerde toetsprofiel t word bereken, naamlik:

$$r_t(\theta); \theta = \delta, 2\delta, 3\delta, \dots, p\delta; (p+1)\delta = 360^\circ.$$


In die gevalle waar die toetsprofiel 'n gemiddelde profiel vir 'n cultivar is, word ook die gemiddelde gediskretiseerde vorm  $\bar{r}_t(\theta)$  bereken:

$$r_t(\theta) = \bar{r}_t(\theta) = \frac{1}{N} \sum_{i=1}^N r_i(\theta); \theta = \delta, 2\delta, 3\delta, \dots, p\delta; (p+1)\delta = 360^\circ.$$

- (b) Nou word daar gekyk hoe ver die toetsprofiel by elke betrokke hoek van die standaardprofiel awyk. Die verskil  $\Delta(\theta)$  tussen die toetsprofiel  $r_t(\theta)$  (of  $\bar{r}_t(\theta)$ ) en die standaardprofiel  $\bar{r}(\theta)$  by elke hoek kan soos volg geformuleer word:

$$\Delta(\theta) = r_t(\theta) - \bar{r}(\theta); \theta = \delta, 2\delta, 3\delta, \dots, p\delta; (p+1)\delta = 360^\circ \text{ (Figuur 37).}$$

Die graad van verskille sowel as die posisies waarin die verskille voorkom, kan hierdeur bereken word.



**FIGUUR 37 : VORMVERGELYKING TUSSEN STANDAARDPROFIEL EN TOETSPROFIEL MET DIE VERSKIL AANGEDUI AS  $\Delta(\theta)$**

- (c) Die verskil tussen die twee profiele word in verband gebring met die aantal standaardafwykingafstande van die standaardprofiel,  $n$ , wat die toetsprofiel by elke betrokke hoek van die standaardprofiel af lê mits die genormaliseerde oriëntasievektore direk op mekaar lê. Daar word onderskeid getref tussen positiewe waardes van  $n (n = 1, \dots, 8, 9)$  waar die radiale vektor van die toetsprofiel by 'n spesifieke hoek langer as dié van die standaardprofiel is, en negatiewe waardes ( $n = -9, -8, \dots, -1$ ) waar die toetsprofiel binne die standaardprofiel lê.

'n Register word opgestel vir waardes van  $n = -9, -8, \dots, -1, 1, \dots, 8, 9$  met die intervalle gelyk aan die standaardafwyking van die standaardprofiel  $\sigma(\theta)$ . (Die waarde  $n = 0$  lê op die standaardprofiel.) Volgens die formules hieronder uiteengesit, word 'n sekere waarde van  $n$  by elke betrokke hoek gegee aan die afwyking van die toetsprofiel vanaf die standaardprofiel. Dan word daar kloksgewys rondom die toetsprofiel getel hoeveel keer elke  $n$ -waarde voorkom. Hierdie tellings word as teller ( $n$ ) aangegee. Die prosedure word soos volg geformuleer:

Die tellers van  $n$  word aanvanklik gelyk aan nul gestel:

$$\text{teller } (n) = 0; \quad n = -9, -8, \dots, -1, 1, \dots, 8, 9.$$

Vervolgens:

as  $\Delta(\theta)$  positief is, dan as  
 $(n-1)\sigma(\theta) < \Delta(\theta) \leq n\sigma(\theta); n = 1,2,\dots,8$   
word teller (n) = teller (n)+1 gestel;

en as  $\Delta(\theta)$  nie positief is nie, dan as  
 $n\sigma(\theta) < \Delta(\theta) \leq (n+1)\sigma(\theta); n = -1,-2,\dots,-8$   
word teller (n) = teller (n)+1 gestel.

As die standaardafwyking van die standaardprofiel  $\sigma(\theta)$  by 'n sekere hoek byvoorbeeld tussen twee- en driemaal tussen die twee profiele inpas en die toetsprofiel is op daardie posisie groter as die standaardprofiel, dus as  $2\sigma(\theta) < \Delta(\theta) \leq 3\sigma(\theta); n=3$  dan word een telling by  $n=3$  getel (teller (n) word = teller (n)+1 gestel). As  $n=3$  reeds byvoorbeeld by 24 hoeke getel is, dan sal die teller van n nou 25 wees.

As dieselfde voorbeeld geneem word maar met die toetsprofiel kleiner as die standaardprofiel, dus as  $-3\sigma(\theta) < \Delta(\theta) \leq -2\sigma(\theta); n = -3$  dan word een telling by  $n = -3$  getel.

As  $\Delta(\theta) > 8\sigma(\theta)$  dan word teller (9) = teller (9)+1.

As  $\Delta(\theta) \leq -8\sigma(\theta)$  dan word teller (-9) = teller (-9)+1.


Figuur 38 gee 'n voorstelling van die prosedure.

- (d) Die tellings van die verskillende n-waardes word verwerk tot persentasies van die totale aantal hoeke, p, wat vergelyk is.

Vir  $n = -9,-8,\dots,-1,1,\dots,8,9$  word dus bereken

$$\text{Per}(n) = \frac{\text{teller}(n)}{p} \times 100.$$

Dit is die persentasie keer, soos die buitelyn van die toetsprofiel kloksgewys gevolg word, dat die afwyking vanaf die standaardprofiel  $\Delta(\theta)$  tussen  $(n-1)\sigma(\theta)$  en  $n\sigma(\theta)$  lê as  $\Delta(\theta)$  positief is, en tussen  $(n+1)\sigma(\theta)$  en  $n\sigma(\theta)$  as  $\Delta(\theta)$  negatief is.



**FIGUUR 38 : VOORSTELLING VAN OPSTEL VAN REGISTER OM 'N WAARDE TE GEE AAN DIE AFWYKING VAN DIE TOETSOPSTEL TEN OPSIGTE VAN DIE STANDAARDPROFIEL BY ELKE BETROKKE HOEK, ASOOK TELLING VAN DIE AANTAL KEER WAT ELKE WAARDE VOORKOM.**

(e) In besonder word bereken

$$P_{\sigma} = \text{Per } (-1) + \text{Per } (1) \text{ en}$$

$$P_{2\sigma} = \text{Per } (-2) + \text{Per } (-1) + \text{Per } (1) + \text{Per } (2).$$

Dit is om te bepaal watter persentasie van die gediskretiseerde profielpunte van die toetsprofiel binne  $\sigma(\theta)$  en  $2\sigma(\theta)$  vanaf die standaardprofiel lê. As  $P_{\sigma}$  groot is, beteken

dit letterlik dat 'n groot aantal van die punte binne 'n "skil" met dikte ongeveer  $2\sigma(\theta)$  weerskante van die standaardprofiel lê. Dit dui op 'n sterk ooreenkoms in vorm. Selfs as  $P_{2\sigma}$  groot is, is daar 'n sterk ooreenkoms in vorm aangesien 'n groot persentasie van die profielpunte van die toetsprofiel binne 'n "skil" van ongeveer  $4\sigma(\theta)$  in dikte weerskante van die standaardprofiel lê.

- (f) Die histogram H word geplot van Per (n) teen n, dus die persentasie keer dat elke n-waarde voorkom. Hoe kleiner die waarde van  $P_\sigma$  en  $P_{2\sigma}$  is, hoe meer verspreid sal die histogram lê en hoe sterker is die verskil in vorm.
- (g) Die "piekposisie" van die histogram,  $\hat{p}$ , word bereken deur die volgende formule:

$$p = \left( \sum_{n=1}^9 \text{Per}(n)(n-\frac{1}{2}) \right) + \left( \sum_{n=-9}^{-1} \text{Per}(n)(n+\frac{1}{2}) \right) / 100.$$

Die vergelyking tussen die gemiddelde gediskretiseerde vrugprofiel van Sensation as standaard met dié van Peach as toetsprofiel kan as voorbeeld dien.

Die gediskretiseerde punte op die toetsprofiel het die volgende verspreiding ten opsigte van die standaardprofiel:

$n < -3$	$n = -3$	$n = -2$	$n = -1$	$n = 1$	$n = 2$	$n = 3$	$n > 3$
0%	3,3%	10,3%	66,7%	11,4%	6,1%	1,9%	0%

Dus:

$$\hat{p} = (3,3(-2\frac{1}{2}) + 10,3(-1\frac{1}{2}) + 66,7(-\frac{1}{2}) + 11,4(\frac{1}{2}) + 6,1(1\frac{1}{2}) + 1,9(2\frac{1}{2})) / 100$$

$$= (-8,25 - 15,45 - 33,35 + 5,70 + 9,15 + 4,75) / 100$$

$$= \frac{-37,45}{100}$$

$$\hat{p} = -0,38.$$

Die piekposisie bied 'n addisionele, hoewel minder belangrike maatstaf vir vormvergelyking. 'n Skerp piek (breedte  $\pm 2$ ) gekombineer met 'n sentrale piekposisie,  $|p| < 1$ , duï op 'n sterk ooreenkoms in vorm. As die piek skerp is maar die piekposisie is effens verskuif,  $|p| > 1$ , dan kan 'n mate van ooreenkoms in vorm nog aanvaar word. 'n Skerp piek, byvoorbeeld, wat na links van die standaardprofiel lê, beteken dat die toetsprofiel grotendeels skraler is as die standaardprofiel maar dat die twee profiele min of meer parallel aan mekaar loop.

#### 4.6 RESULTATE

Die graad van verskille tussen 'n standaardprofiel en 'n toetsprofiel sowel as die posisies waarin verskille voorkom is deur voorafgaande prosedure bereken, deur bepaling van  $\Delta(\theta)$ . Verder is vier maatstawwe bereken, naamlik  $P_\sigma$ ,  $P_{2\sigma}$ ,  $H$  en  $p$  waardeur die vormverwantskap tussen die toetsprofiel en die standaardprofiel in die geheel gesien, bepaal kan word.

Tabel 4 toon die resultate van 'n aantal vergelykings tussen die gemiddelde gediskretiseerde vrugprofielvorms van ses mangocultivars. Uit die tabel kan gesien word dat die vrugprofielvorms van byvoorbeeld Sensation en Nimrod uitermate van mekaar verskil, met lae

**TABEL 4**  
**VORMVERGELYKING VAN GEMIDDELDE**  
**GEDISKRETISEERDE MANGORUGPROFIELVORMS**


Standaardprofiel $\bar{r}(\theta)$	Toetsprofiel $r_t \theta$	$P_\sigma$	$P_{2\sigma}$	Piekposisie $\hat{p}$
Florigon	Extrema	3,62	10,01	6,53
Florigon	Florigon	100,0	100,0	0,0
Florigon	Nimrod	6,4	11,1	5,15
Florigon	Peach	14,8	66,2	-1,70
Florigon	Sensation	40,6	73,7	-1,16
Kensington	Extrema	1,38	3,33	6,72
Kensington	Florigon	31,7	75,3	1,15
Kensington	Kensington	100,0	100,0	0,0
Kensington	Nimrod	3,1	8,9	6,05
Kensington	Peach	72,2	90,2	-0,39
Kensington	Sensation	57,7	86,8	0,17
Nimrod	Extrema	21,11	42,78	1,97
Nimrod	Peach	1,7	8,1	-3,96
Peach	Extrema	3,33	4,44	7,84
Sensation	Extrema	3,06	4,45	7,73
Sensation	Nimrod	2,0	2,3	6,38
Sensation	Peach	78,1	94,5	-0,38

waardes vir  $P_\sigma$  en  $P_{2\sigma}$ , naamlik  $P_\sigma = 2,0$  en  $P_{2\sigma} = 2,3$  gekombineer met 'n hoë waarde vir  $\hat{p}$ , naamlik  $\hat{p} = 6,38$ . Die hoë positiewe waarde van  $\hat{p}$  dui daarop dat die vrugprofiel van Nimrod veel breër is as dié van Sensation. So ook, byvoorbeeld, tussen Florigon en Nimrod, tussen Kensington en Nimrod en tussen Nimrod en Peach kan sterk betekenisvolle verskille gesien word. In laasgenoemde geval lê  $\hat{p}$  ver in die negatiewe rigting ( $\hat{p} = -3,96$ ), wat 'n aanduiding is dat die vrugprofiel van Peach skraler is as dié van Nimrod.


Aan die ander kant is daar 'n sterk ooreenkoms tussen die vrugprofielvorms van byvoorbeeld Sensation en Peach, met groot waardes vir  $P_\sigma$  en  $P_{2\sigma}$  ( $P_\sigma = 78,1$  en  $P_{2\sigma} = 94,5$ ) wat deur 'n klein waarde vir  $\hat{p}$ , naamlik  $\hat{p} = -0,38$ , ondersteun word.

Verder toon Kensington en Peach asook Kensington en Sensation groot ooreenkomste maar nie soveel soos Sensation en Peach nie. Waar die standaardprofiel met 'n toetsprofiel van dieselfde cultivar vergelyk is, is die passing perfek, soos aangedui by Florigon en Kensington.


Figure 39 tot 48 toon die histogramme van tien van die vormvergelykings.




FIGUUR 39 : VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN FLORIGON AS STANDAARDPROFIEL, MET DIÉ VAN NIMROD AS TOETS-PROFIEL.




FIGUUR 40 : VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN FLORIGON AS STANDAARDPROFIEL, MET DIé VAN PEACH AS TOETSPROFIEL.




FIGUUR 41 : VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN FLORIGON AS STANDAARDPROFIEL, MET DIé VAN SENSATION AS TOETSPROFIEL.




FIGUUR 42 : VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN KENSINGTON AS STANDAARDPROFIEL, MET DIÉ VAN FLORIGON AS TOETS-PROFIEL.




FIGUUR 43 : VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN KENSINGTON AS STANDAARDPROFIEL, MET DIÉ VAN NIMROD AS TOETS-PROFIEL.




FIGUUR 44: VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN KENSINGTON AS STANDAARDPROFIEL, MET DIÉ VAN PEACH AS TOETS-PROFIEL.




FIGUUR 45: VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN NIMROD AS STANDAARDPROFIEL, MET DIÉ VAN EXTREMA AS TOETS-PROFIEL.



FIGUUR 46: VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN NIMROD AS STANDAARDPROFIEL, MET DIÉ VAN PEACH AS TOETSPROFIEL.




FIGUUR 47: VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN SENSATION AS STANDAARDPROFIEL, MET DIÉ VAN NIMROD AS TOETSPROFIEL.




FIGUUR 48: VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIELVORM VAN SENSATION AS STANDAARDPROFIEL, MET DIÉ VAN PEACH AS TOETSPROFIEL.


Afgesien van die vergelyking van gemiddelde gediskretiseerde vrugprofielvorms is daar ook in sommige gevalle 'n enkele gediskretiseerde vrugprofiel as toetsprofiel geneem. 'n Voorbeeld hiervan is 'n vergelyking tussen die gemiddelde Sensation-vrugprofiel as standaard en 'n enkele Florigon-vrugprofiel as die toetsprofiel, soos aangetoon op die histogram in Figuur 49. Ook is hierdie enkele vrugprofiel van Florigon as toetsprofiel met die gemiddelde Florigon-vrugprofiel as standaardprofiel vergelyk, soos aangedui in Figuur 50. Die bewyse is oortuigend dat hierdie toetsprofiel wel aan 'n Florigon-vrug behoort en nie aan 'n Sensation nie. Daar is ook 'n perfekte passing tussen 'n enkele Sensation-toetsprofiel en die gemiddelde Sensation-standaardprofiel (Figuur 51).



FIGUUR 49: VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIEL VAN SENSATION AS STANDAARDPROFIEL, MET 'N ENKELE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIEL VAN FLORIGON AS TOETSOPRIEF.



FIGUUR 50: VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIEL VAN FLORIGON AS STANDAARDPROFIEL, MET 'N ENKELE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIEL VAN FLORIGON AS TOETSOPRIEF.



FIGUUR 51: VERGELYKING VAN GEMIDDELDE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIEL VAN SENSATION AS STANDAARDPROFIEL, MET 'N ENKELE GEDISKRETISEERDE VRUGPROFIEL VAN SENSATION AS TOETSOPRIEFEL.

## HOOFSTUK 5

# Toepassing van die konstruksieprocedure op mangoblaarprofiële

### 5.1 VERSAMELING EN VOORBEREIDING VAN MATERIAAL

Vier-en-twintig mangocultivars is in dieselfe boord geselekteer waar die vrugte vir hierdie projek versamel is.

'n Monster van 20 onbeskadigde blare per cultivar is gedurende een dag versamel, van die totale aantal bome wat vir elke cultivar beskikbaar was. Die blare is aan al die kante van die bome gepluk, op 'n hoogte van een tot twee meter. Hulle is ewekansig by die middelste gedeelte van die voorlaaste groeistuwing versamel en was dus reeds volgroeid en verstewig. Die blare is gepers en gedroog.

### 5.2 BEPALING VAN ORIËNTASIEVEKTOR

Vir die vergelyking van mangoblaarvorms was die toepassing van die beginsel soos in Hoofstuk 2 uiteengesit, relatief eenvoudig. Twee gesikte landmerke was voor die hand liggend, naamlik eerstens die verbindingspunt tussen die lamina en die blaarsteel en tweedens die blaarpunt (punte A en B onderskeidelik, in Figure 52 en 53). 'n Oriëntasievektor  $\overrightarrow{AB}$  kon dus geïdentifiseer word wat min of meer op die hoofaар lê. Die middelpunt van  $\overrightarrow{AB}$  is vir ooreenstemmende punte O gekies (soos onder 2.5 beskryf), waarvandaan die lengtes van spesifieke radiale vektore gemeet word.

### 5.3 BESKRYWING EN VERGELYKING VAN BLAARVORMS

Elke blaar is op die sirkelpatroon (soos beskryf onder 3.2) geplaas, met  $\overrightarrow{AB}$  op die y-as van die sirkelpatroon. Dit is maklik om te verseker dat gekose punt O op die blaar direk op die middelpunt van die sirkelpatroon lê, deur te sorg dat die lengtelesings op die y-as van die sirkelpatroon vir  $\overrightarrow{OA}$  en  $\overrightarrow{OB}$  presies dieselfde is. Met gebruik van die sirkelpatroon is dit dus nie nodig om vooraf die oriëntasievektor te konstrueer of punt O te bepaal nie.

In gevalle waar die hoofaar krom is, mag dit tussen A en B links of regs van die y-as lê maar die invloed hiervan is uitgeskakel deurdat ooreenstemmende straallengtes aan beide linker- en regterkante van die blare gemeet is. By elke paar ooreenstemmende hoeke is die gemiddeld van die linker- en regterkant bereken.

Dit sou moontlik wees om die blaarvorms by enige hoek te beskryf en te vergelyk maar daar is na visuele observasie besluit dat tien hoeke voldoende sal wees om die belangrikste vormverskille aan te toon. Die  $45^\circ$  ( $315^\circ$ )-,  $90^\circ$  ( $270^\circ$ )- en  $135^\circ$  ( $225^\circ$ )-hoeke is gekies om verskille in die algemene vorm van die blare te bepaal en die  $2,5^\circ$  ( $357,5^\circ$ )-,  $5^\circ$  ( $355^\circ$ )-,  $10^\circ$  ( $350^\circ$ )- en  $15^\circ$  ( $345^\circ$ )-hoeke is gekies om fyner verskille by die blaarpunt uit te wys. Die  $165^\circ$  ( $195^\circ$ )-,  $175^\circ$  ( $185^\circ$ )- en  $177,5^\circ$  ( $182,5^\circ$ )-hoeke is gekies vir die identifisering van verskille by die blaarbasis.

Die lengtes van bogenoemde radiale vektore, soos afgelees op die sirkelpatroon, is vir elke blaar genormaliseer tot persentasies van die halflengte van die oriëntasievektor, naamlik  $\vec{OB}$  (soos onder 2.3 verduidelik).

#### 5.4 RESULTATE

Tabel 5 toon vir elk van die 24 mangocultivars wat in die ondersoek gebruik is, die gemiddelde lengtes van die tien gekose radiale vektore, genormaliseer tot persentasies van die halflengtes van die ooreenstemmende oriëntasievektore. Die gemiddeldes is uit 20 blaarprofiële per cultivar bereken. Soos reeds genoem, verteenwoordig elke hoek die gemiddelde lengte vir die linker- en regterkant van die blaar.

Die gemiddelde genormaliseerde blaarprofiële van die twee cultivars wat die meeste by die blaarpunt en in die middelste gedeelte van mekaar verskil, word in Figuur 52 voorgestel, soos uitgebeeld by die 10 hoeke wat ondersoek is. Die cultivars is Florigon, met 'n smal blaar, en Keitt, met 'n aansienlik breër blaar. Figuur 53 toon soortgelyk die blaarprofiële van Sabre en Smith, die twee cultivars wat by die blaarbasis die verste van mekaar verskil.

Vir elk van die tien hoeke wat in die blaarvormvergelyking gebruik is, is 'n eenrigting variansie-analise uitgevoer (Bylae 3) om te bepaal of die verskille wat waargeneem is, wel betekenisvol is. Hoogs betekenisvolle verskille is by 'n toetspeil van 1% gevind.


**TABEL 5**  
**GEMIDDELDE LENGTES VAN TIEN RADIALE VEKTORE VAN**  
**MANGOBLAARPROFIELE GENORMALISEER TOT PERSENTASIES**  
**VAN DIE OOREENSTEMMENDE ORIËNTASIEVEKTORE**

(Twintig blaarprofiële per cultivar, 24 cultivars)

CULTIVAR	2,5°	5°	10°	15°	45°	90°	135°	165°	175°	177,5°
ADA	86,2	78,3	65,8	55,7	29,7	23,1	33,2	72,4	92,4	96,5
AND	91,3	83,8	71,5	60,9	31,9	24,6	35,8	72,6	90,6	94,4
CAR	90,6	82,8	72,4	63,4	36,1	28,8	39,9	79,8	93,2	95,6
EAR	85,9	78,2	66,6	57,3	31,1	24,4	36,3	73,0	90,5	94,7
EXT	88,6	82,4	71,6	60,7	31,7	23,6	33,3	67,5	88,4	93,6
FAS	89,1	83,2	72,6	62,6	34,5	27,3	39,7	78,8	95,1	97,6
FLO	82,9	75,5	65,1	56,0	28,4	21,5	32,4	70,7	91,3	95,9
GOU	87,3	81,3	70,4	60,5	30,5	23,1	33,1	67,9	88,9	94,3
HAD	87,0	79,5	68,2	58,7	30,0	23,7	34,2	71,8	89,2	94,8
HOO	90,1	83,4	72,9	61,5	30,7	23,4	33,9	74,9	92,6	95,7
IRW	86,3	80,2	68,0	58,6	30,8	24,4	35,7	71,7	91,6	95,6
KEI	91,5	85,2	76,0	67,7	38,6	29,9	41,8	78,6	92,3	96,3
KNS	89,5	83,1	71,0	60,3	30,5	23,3	33,0	69,5	91,0	95,3
KNT	90,1	83,6	72,9	62,4	33,5	25,9	37,2	77,9	94,6	97,2
NIM	85,8	77,6	67,9	59,8	33,1	25,4	36,5	73,5	91,7	95,9
PEA	86,7	79,4	67,2	56,7	28,7	21,8	31,6	66,0	88,5	94,0
RUB	87,3	81,0	70,1	59,3	31,3	24,5	35,3	72,5	91,1	95,3
SAB	90,6	84,0	71,3	60,6	30,9	24,1	33,1	66,5	86,8	93,0
SAN	91,2	84,8	73,5	62,1	33,4	26,3	37,9	74,3	92,2	96,2
SEN	90,4	82,9	71,5	60,6	32,1	24,2	34,6	70,4	90,5	95,3
SHE	88,8	81,5	69,6	58,3	29,9	22,9	32,5	68,9	90,5	95,2
SMI	91,3	84,2	73,8	64,5	35,4	27,6	36,6	81,5	96,0	97,9
TOM	89,1	83,7	72,7	63,0	35,3	27,3	39,2	75,0	91,7	95,2
ZIL	85,8	77,2	64,8	56,0	29,9	23,2	33,9	69,9	90,7	95,2


**Afkortings van cultivarname:**

ADA : Adams	HAD : Haden	RUB : Ruby
ADN : Anderson	HOO : Hood	SAB : Sabre
CAR : Carrie	IRW : Irwin	SAN : Sandersha
EAR : Early Gold	KEI : Keitt	SEN : Sensation
EXT : Extrema	KNS : Kensington	SHE : Sheil
FAS : Fascell	KNT : Kent	SMI : Smith
FLO : Florigon	NIM : Nimrod	TOM : Tommy Atkins
GOU : Gouveia	PEA : Peach	ZIL : Zill



**FIGUUR 52 :**

Gemiddelde genormaliseerde blaarprofiel van Florigon (—) by tien hoeke, vergelyk met dié van Keitt (- - -).



**FIGUUR 53**

Gemiddelde genormaliseerde blaarprofiel van Sabre (—) by tien hoeke, vergelyk met dié van Smith (- - -).

Tabel 6 toon die K.V.-waardes, in %, van die gemiddelde genormaliseerde straallengte van elke cultivar by elk van die tien hoeke, asook die gemiddelde K.V.-waardes van al tien hoeke tesame.

**TABEL 6**  
**KOëFFISIËNTE VAN VARIASIE (IN %) VAN GEMIDDELDEE**  
**GENORMALISEERDE RADIALE VEKTORE SOOS AANGEGEE IN**  
**TABEL 5 ASOOK GEMIDDELDE K.V. PER CULTIVAR**

(Twintig blaarpfiele per cultivar, 24 cultivars)

CULTIVAR	2,5°	5°	10°	15°	45°	90°	135°	165°	175°	177,5°	Gemiddel-de K.V.
ADA	4,1	5,0	6,9	8,2	9,6	10,0	11,7	4,9	3,8	1,9	5,7
AND	2,6	2,6	3,7	4,5	7,7	8,2	8,2	3,7	1,6	2,3	4,5
CAR	2,6	3,2	5,1	6,0	10,9	11,8	11,5	5,8	2,5	4,2	5,4
EAR	4,7	5,9	7,5	7,9	12,9	10,0	10,9	4,9	2,6	2,0	6,9
EXT	2,3	3,5	5,3	4,8	8,0	10,1	10,9	6,0	2,4	2,4	5,6
FAS	2,2	3,4	5,9	3,8	7,2	7,1	6,6	3,1	1,5	0,9	4,2
FLO	5,8	8,2	9,2	10,5	9,0	10,4	10,6	6,1	3,1	2,4	7,5
GOU	2,3	3,0	4,3	4,7	5,8	5,6	5,9	2,5	1,4	1,3	3,7
HAD	2,6	3,8	6,4	6,7	10,1	11,7	11,0	5,3	4,2	1,9	6,4
HOO	1,4	2,0	4,9	5,1	6,4	8,9	8,6	7,1	1,5	2,9	4,9
IRW	3,7	5,0	6,4	10,0	12,7	13,4	11,9	8,5	2,2	1,7	7,6
KEI	2,4	3,1	4,6	5,7	8,8	7,4	6,8	3,5	3,4	1,1	4,7
KNS	1,9	2,4	3,5	4,8	8,6	9,4	7,8	3,4	1,7	1,0	4,5
KNT	2,5	4,1	6,0	8,2	13,1	13,3	12,5	5,8	2,1	1,3	6,9
NIM	3,8	4,9	6,0	6,4	8,0	9,1	8,1	5,3	2,3	1,5	5,5
PEA	2,1	2,6	3,8	5,7	7,4	9,5	9,5	6,1	1,8	1,2	5,0
RUB	2,4	2,3	5,3	8,0	13,3	13,6	14,0	7,9	2,9	1,9	7,2
SAB	2,5	2,8	5,0	6,8	9,8	10,8	8,2	6,1	3,1	2,0	5,7
SAN	2,8	3,8	5,1	7,2	7,8	6,6	5,9	2,9	1,6	1,4	4,5
SEN	2,7	4,4	6,1	7,5	10,2	10,4	11,5	5,8	2,8	2,2	6,4
SHE	2,4	4,2	5,9	5,8	8,2	8,1	7,4	4,9	1,7	1,2	5,0
SMI	1,2	1,6	2,1	2,8	4,4	5,4	5,8	2,8	1,7	1,6	2,9
TOM	3,2	4,4	6,4	8,7	11,1	12,3	10,2	6,0	2,5	1,7	6,7
ZIL	2,8	4,8	6,1	7,4	10,1	13,1	11,9	7,2	2,3	1,6	6,7

Vir volledige cultivarname sien Tabel 5.

Soos in die geval van die vrugprofiel, is die kleinste K.V.-waardes naby die twee landmerke gevind, soos verwag kan word, naamlik by  $2,5^\circ$  en  $177,5^\circ$ , waarvandaan dit geleidelik toeneem.


'n Gemiddelde K.V. van  $\leq 10\%$  vir al tien hoeke tesame is as arbitrière standaard vir 'n karakteristieke blaarvorm geneem. Hiervolgens kan gesê word dat al 24 cultivars wel 'n karakteristieke blaarvorm het.

Tukey se meervoudige vergelykingstoets is vervolgens by 'n 1% toetspeil uitgevoer om te bepaal watter verskille daar by elk van die tien hoeke tussen die cultivars bestaan (Bylae 4).

Die resultate van Tukey se toets word grafies voorgestel in Figure 54, 55 en 56 om betekenisvolle verskille in die omgewing van die blaarpunt, die middelste gedeelte en die blaarbasis onderskeidelik te illustreer. In elke geval is die cultivars in stygende volgorde van gemiddelde straal lengte vir die totale aantal hoeke tesame (4,3 en 3) gerangskik. Ooreenstemmend met Figuur 52, byvoorbeeld, is Florigon eerste en Keitt laaste op die lys vir beide Figure 54 en 55 geplaas.

Figuur 57 is 'n samevatting van Figure 54, 55 en 56, en toon aan watter cultivars by een of meer van die hoeke wat ondersoek is, van mekaar onderskei kan word. Die blaarvorm van Keitt, byvoorbeeld, kan van dié van al die ander cultivars uitgeken word, behalwe slegs van Carrie en Tommy Atkins. Smith verskil van almal behalwe Carrie, Fascell en Kent.

Aangesien die verskille in blaarvorm nie so uiteenlopend as by die vrugprofiel is nie, is daar heelwat meer cultivars wat nie volgens blaarvorm onderskei kan word nie. Nogtans is dit duidelik dat die groot aantal betekenisvolle verskille wat wel gevind is, tog van groot waarde kan wees soos byvoorbeeld vir die identifisering van jong mangoplante wat slegs op grond van vegetatiewe kenmerke onderskei kan word.



Cultivars in stygende volgorde gerangskik volgens gemiddelde lengtes vir al vier hoeke tesame.  
Vir volledige cultivarname sien Tabel 5.

**FIGUUR 54: VERGELYKING TUSSEN GEMIDDELDE GENORMALISEERDE BLAARPROFIELE VAN 24 MANGO-CULTIVARS BY  $2,5^\circ$ ,  $5^\circ$ ,  $10^\circ$  EN  $15^\circ$  (BLAARPUNT), VOLGENS TUKEY SE MEERVOUDIGE VERGELYKINGSTOETS BY 'N TOETSPEIL VAN 1%.**

$2,5^\circ$	$5^\circ$
$10^\circ$	$15^\circ$

BETEKENISVOLLE VERSKIL




JA



NEE

KLEINSTE BETEKENISVOLLE VERSKIL  
(K.B.V.-WAARDE)

$2,5^\circ$	$5^\circ$	$10^\circ$	$15^\circ$
3,4	4,2	5,1	5,3



BETEKENISVOLLE VERSKIL

45°	90°	135°
-----	-----	------


JA       NEE

KLEINSTE BETEKENISVOLLE VERSKIL (K.B.V.-WAARDE)

45°	90°	135°
4,0	3,3	4,5

Cultivars in stygende volgorde gerangskik volgens gemiddelde lengtes vir al drie hoeke tesame.  
Vir volledige cultiavarname sien Tabel 5.

**FIGUUR 55: VERGELYKING TUSSEN GEMIDDELDE GENORMALISEERDE BLAARPROFIELE VAN 24 MANGO-CULTIVARS BY 45°, 90° EN 135° (MIDDELSTE GEDEELTE VAN BLAAR), VOLGENS TUKEY SE MEERVOUDIGE VERGELYKINGSTOETS BY 'N TOETSPEIL VAN 1%.**



BETEKENISVOLLE VERSKIL




KLEINSTÉ BETEKENISVOLLE VERSKIL (K.B.V.-WAARDE)

165°	175°	177,5°
5,1	2,9	2,4

Cultivars in stygende volgorde gerangskik volgens gemiddelde lengtes vir al drie hoeke tesame.  
Vir volledige cultivarname sien Tabel 5.

**FIGUUR 56:** VERGELYKING TUSSEN GEMIDDELDE GENORMALISEERDE BLAARPROFIELE VAN 24 MANGO-CULTIVARS BY 165°, 175° EN 177,5° (BLAARBASIS), VOLGENS TUKEY SE MEERVOUDIGE VERGELYKINGSTOETS BY 'N TOETSPEIL VAN 1%.



BEKENISVOLLE VERSKIL




Vir volledige cultivarname sien Tabel 5.

**FIGUUR 57:** CULTIVARS WAARVAN DIE BLAARVORM BY EEN OF MEER VAN DIE TIEN HOEKE WAT ONDERSOEK IS, VAN MEKAAR VERSKIL, VOLGENS TUKEY SE MEERVOUDIGE VERGELYKINGSTOETS BY 'N TOETSPEIL VAN 1% (Samevatting van Figure 54- 56).

Soos in die geval van die vrugprofiële (vergelyk 3.6), is die K.B.V.-waardes as persentasie-verskille uitgedruk en kan derhalwe vir elke hoek direk met die gemiddelde straal lengte van elke cultivar in verband gebring word. Die verskille tussen die gemiddelde genormaliseerde blaarprofiële soos aangegee in Tabel 5, kan dus direk met die K.B.V.-waarde by elke hoek in verband gebring word. Keitt en Florigon verskil byvoorbeeld by  $2,5^\circ$  met  $(91,5\% - 82,9\%) = 8,6\%$ , wat meer as die K.B.V. van  $3,4\%$  is en die verskil is dus betekenisvol.

'n Korrelasie-analise is by 'n toetspeil van 1% uitgevoer om te bepaal of dit werklik nodig is om al tien die hoeke te meet vir doeltreffende onderskeiding tussen die blaarvorms van die verskillende mangocultivars. Figuur 58 toon die korrelasie vir elke cultivar tussen die verskillende hoeke. Die hoogste korrelasie is in die algemeen gevind by die hoeke wat die naaste aan mekaar lê en die enigste hoeke waartussen 'n 100% korrelasie gevind is, is  $5^\circ$  en  $10^\circ$  asook  $45^\circ$  en  $90^\circ$ .



Vir volledige cultivarname sien Tabel 5.

**FIGUUR 58: MANGOBLAARVORM – CULTIVARS WAARBY 'N KORRELASIE BY 'N TOETSPEIL VAN 1% BY TIEN HOEKE VOORKOM.**

ADA	AND	CAR	EAR	EXT	FAS
FLO	GOU	HAD	HOO	IRW	KEI
KNS	KNT	NIM	PEA	RUB	SAB
SAN	SEN	SHE	SMI	TOM	ZIL

KORRELASIE AANWESEG

JA       NEE

## HOOFSTUK 6

### Algemene bespreking

Dit is vandag nog algemene praktyk om biologiese vorms in die subjektiewe taal van die tradisionele terminologie te beskryf, of om slegs 'n paar metings uit te voer en onderlinge verhoudings te bepaal. Die behoefte aan noukeurige vormvergelyking word egter steeds groter en metodes wat gebruik word, moet voorsiening kan maak vir fyn onderskeiding tussen naverwante vorms. Die literatuur oor hantering van vormkenmerke is omvangryk en 'n kort bespreking is in Bylae 5 saamgevat.

Melville (1937) verdien spesiale vermelding aangesien die metode wat hy ontwikkel het, baie met die konstruksieprocedure van hierdie werkstuk ooreenstem. Hy het blaarprofiële fotografies tot dieselfde lengte vergroot (Melville 1937; 1951; 1960) en dan volgens 'n reghoekige roosterpatroon ooreenstemmend ingedeel. Vir vergelyking van die blaarvorms is die blaarbreedte op verskillende persentasies van die lengte gemeet. Hy het ook voorgestel (Melville 1951) dat 'n sirkelvormige roosterpatroon veral vir handvormige blare as alternatief kan dien.

Die konstruksieprocedure in hierdie werkstuk beskryf, werk op dieselfde prinsiep as die metode van Melville, maar is eenvoudiger. Werklike formaanpassings is onnodig aangesien normalisering plaasvind wanneer die verskillende straalengtes tot persentasies van die oriëntasievektor verwerk word.

Alhoewel Melville se metode suiwer kwantitatief is en ook voorsiening maak vir 'n vergelyking van vormkenmerke enige plek op die omrek van 'n plat figuur, is dit nogtans nie algemeen aanvaar nie. Die groot aantal metings wat met die hand gedoen moes word, kon 'n belangrike beperkende faktor gewees het.

Spesiale aandag kan ook gegee word aan 'n tegniek wat in 1822 deur Fourier (Spiegel 1963; Moellering & Rayner 1981) ontwikkel is om sikliese funksies wiskundig te beskryf. 'n Plat figuur, soos gedefinieer in Hoofstuk 1, waarvan 'n mangovrug profiel 'n voorbeeld is, kan na 'n sikliese funksie getransformeer word en Fourier se metode kan dus toegepas word vir beskrywing en vergelyking van die vorms van plat figure. Dit word dikwels hiervoor gebruik, soos byvoorbeeld deur Bennett & Mac Donald (1975) en deur Ferson, Rohlf & Koehn

(1985). Ook word die moontlikhede tans ondersoek om van Fourier-reekse in beeldanalise gebruik te maak (Keefe & Draper 1988). Volgens hulle verg die gebruik van die Fourierbenadering uit die oogpunt van masjienvisie en rekenaartoepassing egter duurder programmatuur en meer rekenaartyd as eenvoudiger metodes.

'n Sikliese funksie deur transformasie verkry kan aan die hand van Fourier se metode as 'n reeks sinus- en cosinus-gebaseerde funksies voorgestel word (Persoon & Fu 1977).

Die transformasie van 'n plat figuur na 'n sikliese funksie kan op verskillende maniere geskied. Die twee mees algemene metodes wat hiervoor gebruik word, is die radiale vektormetode (Hirsinger 1976) en die raaklynhoekmetode (Zahn & Roskies 1972; Bookstein 1978; Lohmann 1983). Rohlf & Archie (1984) gee 'n Fourier-analise waarin die twee metodes, op die vorms van muskietvlerke toegepas, met mekaar vergelyk is.

In die eerste metode word radiale vektore gemeet en die lengtes word teenoor die korresponderende rigtings aangeteken. In die tweede metode word die raaklynhoeke teenoor die korresponderende booglengtes aangeteken. Die sikliese aard van die funksies lê daarin dat dit transformasies van geslotte figure is.

Die raaklynhoekmetode het die voordeel dat dit selfs vir ingewikkelde figure gebruik kan word aangesien die resultaat van die transformasie altyd 'n funksie sal wees, dit wil sê met slegs een raaklynhoekwaarde vir elke booglengtewaarde. By die radiale vektormetode, wanneer die figuur diep inhamme maak wat veroorsaak dat sekere radiale vektore die buitelyn op meer as een plek sny, is die resultaat van die transformasie nie 'n funksie nie en kan dit nie in 'n Fourier-uitbreiding gebruik word nie.

Enige sikliese funksie kan deur middel van 'n Fourier-reeksuitbreiding benader word. Die benadering kan akkurater gemaak word deur slegs meer terme in die reeks by te voeg. Die Fourier-voorstelling van so 'n sikliese funksie is gewoonlik baie lomp, wat beteken dat 'n lang reeks terme en gevolglik baie Fourier-koëffisiënte benodig word selfs om 'n eenvoudige funksie voor te stel. 'n Voorbeeld hiervan verskyn in Bylae 6.

Vir vergelyking van verskillende funksies is ingewikkelde statistiese metodes soos trosanalise nodig om die koëffisiënte van die verskillende funksies met mekaar te vergelyk. Hierdeur kan nie spesifieke verskilpunte uitgewys word nie maar slegs groeperings gemaak word van funksies wat met mekaar ooreenstem.

Die toepassing van Fourier-reekse op byvoorbeeld mangovrugprofiele sal nie maklik inligting kan verskaf oor die karakteristieke waarde van 'n spesifieke gemiddelde profiel nie en daar sal nie vasgestel kan word in watter opsigte die een vorm van 'n ander verskil nie, tensy spesifieke waardes in die uitbreiding vervang word en daar weer teruggewerk word na die oorspronklike funksie. Dit blyk dus, ten minste in hierdie geval, 'n onnodige 'ompad van data-reduksie te wees waardeur spesifieke eienskappe verlore gaan.

Die metode in hierdie werkstuk beskryf is 'n direkte metode waardeur byna geen inligting verlore gaan nie en die oorspronklike vorm op alle stadiums gevisualiseer kan word. Spesifieke vormeienskappe kan enige plek op die omtrek onderskei word. Die metode is baie eenvoudiger as die Fourier-metode. Verder word die vormvergelykings gebaseer op die werklike afmetings op die figuur en nie op benaderings nie.

Die hoogs betekenisvolle resultate wat met toepassing van die oriëntasievektor metode van hierdie werkstuk verkry is, is oortuigende bewys daarvan dat dit 'n bruikbare en sensitiewe metode vir objektiewe beskrywing en vergelyking van die vorms van eenvoudige plat figure is. Selfs in die geval van die blare, wat tradisioneel as onbruikbare organe vir diagnostiese doeleindes beskou is, kon betekenisvolle verskille uitgewys word.

Dit is sover bekend die eerste keer dat 'n kwantitatiewe onderskeidingsmetode op vrugvorms toegepas word in fynere besonderhede as bloot die bepaling van enkele verhoudings.

Daar is fasette wat met hierdie studie na vore gekom het wat verdere ondersoek regverdig en daar is reeds met werksaamhede in die verband begin.

## OPSOMMING

### 'N ORIËNTASIEVEKTOR-MEETMETODE OM DIE VORMS VAN PLAT FIGURE TE BESKRYF EN TE VERGELYK, SOOS TOEGEPAS OP VRUG- EN BLAARPROFIELE VAN 'N AANTAL MANGOCULTIVARS

deur

**ELISE BUITENDAG**

Studieleier: Prof. dr. P.J. ROBBERTSE  
Mede-studieleier: Prof. dr. J.A. SNYMAN

DEPARTEMENT VAN PLANTKUNDE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

MAGISTER SCIENTIAE

'n Metode is uiteengesit vir die beskrywing en vergelyking van die vorms van plat figure tot in die fynste besonderhede, en daar is gerapporteer oor die suksesvolle toepassing daarvan op die vrug- en blaarprofiele van 'n aantal mangocultivars. Die doel hiervan is die kwantifisering van vormkenmerke wat vir cultivaronderskeiding in planttelersregtetoetse gebruik word.

Die metode is gebaseer op die vasstelling van 'n ooreenstemmende oriëntasievektor, deur identifisering van twee landmerke vir elke figuur. Radiale vektore word óf vanaf 'n gekonstrueerde middelpunt (konstruksieprocedure) óf vanaf die sentroïde (wiskundige prosedure) gemeet. Vir die konstruksieprocedure is minimumverskille tussen cultivars statisties bereken. Vir die wiskundige prosedure is 'n skerpheidsindeks geformuleer om te bepaal of elke gemiddelde profiel 'n karakteristieke vorm het en 'n standaard vir bepaling van minimumverskille is ontwikkel.

Sover vasgestel kon word, is hierdie studie die eerste vrugvormvergelyking wat in fyn besonderhede kwantitatief uitgevoer is.

## SUMMARY

AN ORIENTATION-VECTOR MEASURING METHOD FOR DESCRIBING AND COMPARING THE SHAPES OF PLANE FIGURES, AS APPLIED TO FRUIT AND LEAF PROFILES OF A NUMBER OF MANGO CULTIVARS

by

ELISE BUITENDAG

Supervisor: Prof. Dr. P.J. ROBBERTSE  
Co-supervisor: Prof. Dr. J.A. SNYMAN

DEPARTMENT OF BOTANY  
UNIVERSITY OF PRETORIA

MAGISTER SCIENTIAE

This study reports on a method for detailed description and comparison of the shapes of plane figures, and its successful application to fruit and leaf profiles of a number of mango cultivars. The purpose is the quantification of shape characteristics in distinction tests for plant breeders' rights.

The method is based on the determination of a corresponding orientation vector, by identification of two landmarks for each figure. Radial vectors are measured either from a constructed central point (construction procedure) or from the centroid (mathematical procedure). For the construction procedure, minimum differences between cultivars were calculated statistically. For the mathematical procedure, a sharpness index was formulated to determine whether each mean profile has a characteristic shape, and a standard was developed for determining minimum differences.

As far as could be ascertained, this study is the first detailed quantitative comparison of fruit shapes.

## Dankbetuigings

Verskeie persone en instansies was betrokke by die afhandeling van hierdie studieprojek. Ek bedank graag die volgende persone vir hulle bydraes:

- *Prof. P.J. Robbertse*, Departement van Plantkunde, U.P., studieleier. Baie dankie dat u altyd beskikbaar was met u bekwame leiding en u onderskraging.
- *Prof J.A. Snyman*, Departement van Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, U.P., medestudieleier. Dankie vir u besondere belangstelling in die projek en vir die ontwikkeling van die wiskundige prosedure.
- *Dr. M.J. van der Linde*, Buro vir Rekenaardienste, U.P. Dankie vir u insette met betrekking tot die rekenaarprogrammering en vir die hulp van mev. Pamela Esterhuysen.
- *Mnr D.C. Lourens*, Direkteur: Direktoraat Plant- en Drankbeheer. Dankie vir die geleentheid wat my gebied is om hierdie studieprojek te onderneem.
- *Dr J.H. Terblanche*, Direkteur: NISSV. Dankie vir die beskikbaarstelling van fasiliteite by die Instituut.
- *Estia Joubert*, Bibliotekaresse, NISSV. Dankie vir jou hulp met verkryging van literatuur.
- *Tish Stander*, Laboratorium-assistent. Dankie vir die tik en nagaan van data.
- *Adriaan Toerien*, datametrikus, NISSV. Dankie vir jou hulp met die statistiese verwerking van data.
- *Tinus van Rensburg*, my broer. Dankie vir konstruksie van die sirkelpatroon.

Die volgende vier persone het elkeen 'n besondere opoffering gemaak om my te help. Ek waardeer julle hulp en weet nie wat ek daarsonder sou gemaak het nie.

- *Hannes Breedt* het te midde van sy eie oorvol program die finale statistiese verwerking gedoen (Bylaes 1-4).
- *Ester Cilliers* het die rekenarisering gedoen gedurende elke stadium van ontwikkeling van die rekenaarprogramme. Sy het maande van haar tyd hiervoor opgeoffer.
- *Elna van Rensburg*, my skoonsus. Tikwerk is in haar professionele hande 'n skepping want sy is ook taalkundige, kunstenaar en perfeksionis.
- *Francois van der Merwe* het 'n helder begrip van die wiskunde en 'n liefde daarvoor, wat hy in 'n reeks wiskundelesse met my gedeel het. Hy het ook Bylae 6 opgestel.

BYLAE 1 Bladsy 1 van 3  
**Opsommende statistiese gegewens van mangovrugmetings**  
**Eenrigting variansie-analise**

Cultivar	Metings-hoek (°)	Foutsom van kwadrate	Gemiddeld som van kwadrate	Koeffisiënt van variasie
Adams	10	110.440	3.808	2.049
	45	501.644	17.298	4.811
	90	384.456	13.257	4.736
	135	218.822	7.546	3.146
	225	674.972	23.275	5.720
	270	656.662	22.644	5.773
	315	518.730	17.887	4.043
Anderson	335	420.518	14.501	3.612
	10	5091.161	175.557	19.003
	45	3192.801	110.097	25.966
	90	2285.837	78.822	22.799
	135	1703.476	58.741	11.836
	225	2257.921	77.859	20.329
	270	3105.220	107.077	26.436
Carrie	315	5784.440	199.463	24.985
	335	7396.881	255.065	21.499
	10	608.345	20.977	4.959
	45	915.867	31.582	7.905
	90	749.867	25.857	8.116
	135	706.503	24.362	6.181
	225	933.444	32.188	7.009
Early Gold	270	1308.058	45.105	8.261
	315	1153.572	39.778	6.648
	335	881.027	30.380	5.421
	10	492.061	16.968	4.279
	45	1790.529	61.742	10.255
	90	1080.510	37.259	9.348
	135	712.090	24.555	6.197
Extrema	225	847.691	29.231	7.542
	270	2041.723	70.404	11.021
	315	1633.042	56.312	7.681
	335	991.918	34.204	5.621
	10	276.519	9.535	3.038
	45	675.122	23.280	4.173
	90	717.775	24.751	4.680
Fascell	135	244.755	8.440	2.896
	225	908.039	31.312	5.390
	270	5834.127	201.177	9.896
	315	11363.288	391.838	12.373
	335	8361.130	288.315	11.971
	10	183.238	6.319	2.549
	45	807.875	27.858	5.343
Florigon	90	882.465	30.430	5.877
	135	318.017	10.966	3.419
	225	1141.832	39.374	6.859
	270	2298.352	79.254	8.787
	315	2548.773	87.889	7.897
	335	1315.860	45.374	5.939
	10	846.895	29.203	5.334
Gouveia	45	1852.430	63.877	9.025
	90	1138.034	39.243	7.879
	135	531.536	18.329	4.741
	225	352.293	12.148	4.587
	270	923.705	31.852	6.397
	315	842.770	29.061	5.164
	335	473.019	16.311	3.807
Gouveia	10	316.951	10.929	3.364
	45	1426.617	49.194	7.946
	90	924.425	31.877	7.057
	135	445.901	15.376	4.370
	225	1705.966	58.826	12.757
	270	1254.126	43.246	12.005
	315	1157.966	39.930	7.927
	335	623.193	21.489	4.791

**BYLAE 1 (Volg)**                   **Bladsy 2 van 3**  
**Opsomende statistiese gegewens van mangovrugtmetings**  
**Eenrigting variansie-analise**

Cultivar	Metingshoek (°)	Foutsom van kwadrate	Gemiddeld som van kwadrate	Koeffisiënt van variasie
Haden	10	98.796	3.407	1.858
	45	571.989	19.724	4.842
	90	402.764	13.888	4.520
	135	160.571	5.537	2.588
	225	347.769	11.992	4.047
	270	698.884	24.099	5.181
	315	1044.170	36.006	5.204
Hood	335	825.635	28.470	4.452
	10	102.893	3.811	1.958
	45	882.301	32.678	6.297
	90	878.337	32.531	6.406
	135	407.407	15.089	3.985
	225	347.447	12.868	4.035
	270	646.967	23.962	4.860
Irwin	315	598.200	22.156	4.122
	335	582.869	21.588	4.132
	10	290.277	10.010	3.049
	45	821.813	28.338	6.228
	90	669.750	23.095	6.675
	135	384.423	13.256	4.235
	225	446.166	15.385	5.171
Keitt	270	847.433	29.222	6.744
	315	1031.357	35.564	5.708
	335	700.644	24.160	4.421
	10	197.110	6.797	2.737
	45	834.485	28.775	6.831
	90	565.664	19.506	6.103
	135	245.696	8.472	3.477
Kensington	225	778.687	26.851	6.327
	270	1874.010	64.621	9.461
	315	1534.378	52.910	7.283
	335	557.114	19.211	4.296
	10	229.926	7.928	2.881
	45	662.629	22.849	5.294
	90	788.807	27.200	5.976
Nimrod	135	333.894	11.514	3.627
	225	1537.841	53.029	9.558
	270	1147.093	39.555	8.215
	315	1094.395	37.738	6.164
	335	502.880	17.341	3.920
	10	321.535	11.087	3.194
	45	1051.903	36.273	6.061
Peach	90	1001.974	34.551	6.616
	135	391.359	13.495	3.915
	225	918.187	31.662	5.984
	270	1763.683	60.817	6.713
	315	1840.250	63.457	5.644
	335	1836.730	63.336	5.771
	10	83.834	2.891	1.764
Ruby	45	650.759	22.440	5.493
	90	288.924	9.963	4.014
	135	207.271	7.147	2.969
	225	426.625	14.711	4.748
	270	580.091	20.003	5.129
	315	488.138	16.832	4.110
	335	253.328	8.735	2.901
	10	453.455	15.636	4.496
	45	609.349	21.012	7.127
	90	467.128	16.108	7.031
	135	323.786	11.165	4.401
	225	621.703	21.438	6.617
	270	634.906	21.893	7.324
	315	785.240	27.077	6.807
	335	489.055	16.864	4.698

**BYLAE 1 (Volg)** Bladsy 3 van 3  
**Opsomende statistiese gegewens van mangovrugmetings**  
**Eenrigting variansie-analise**

Cultivar	Metings-hoek (°)	Foutsom van kwadrate	Gemiddeld som van kwadrate	Koeffisiënt van variasie
Sabre	10	465.284	16.044	4.418
	45	1609.750	55.509	11.957
	90	1077.192	37.145	10.445
	135	511.890	17.651	5.447
	225	714.620	24.642	10.360
	270	1103.765	38.061	13.038
	315	1405.881	48.479	10.542
Sensation	335	556.008	19.173	5.159
	10	83.502	2.879	1.725
	45	546.998	18.862	4.966
	90	461.840	15.926	4.907
	135	244.341	8.426	3.146
	225	1046.634	36.091	6.649
	270	1026.380	35.392	6.591
Sheil	315	2382.276	82.147	9.004
	335	493.738	17.025	4.056
	10	173.375	5.978	2.477
	45	1043.234	35.974	6.336
	90	1288.432	44.429	7.756
	135	630.714	21.749	5.013
	225	814.470	28.085	5.475
Smith	270	1107.452	38.188	5.525
	315	1347.615	46.469	5.450
	335	886.955	30.585	4.598
	10	148.872	5.134	2.446
	45	816.501	28.155	7.385
	90	862.868	29.754	8.713
	135	364.455	12.567	4.557
Zill	225	1049.794	36.200	8.423
	270	1489.726	51.370	9.654
	315	1220.701	42.093	7.079
	335	920.593	31.745	5.853
	10	254.284	8.768	2.980
	45	908.176	31.316	6.214
	90	675.169	23.282	5.713
	135	448.199	15.455	4.244
	225	634.593	21.883	5.650
	270	761.568	26.261	6.400
	315	1159.206	39.973	6.230
	335	817.964	28.206	4.827

BYLAE 2

VARIANSIE-ANALISE : VRUGDATA, MANGO

Analysis of Variance Procedure  
Class Level Information

Class      Levels      Values

BEH	21	ADAMS ANDER CARRIE EARLY EXTREM FASC FLORI GOUV HADEN HOOD IRWIN KEIT KENS NIMR PEACH RUBY SABRE SENS SHEIL SMITH ZILL
-----	----	--

Number of observations in data set = 628

Analysis of Variance Procedure

Dependent Variable: G10

Source	DF	Sum of Squares		F Value	Pr > F
		Square	Mean		
Model	20	31838.76330	1591.93816	89.24	0.0001
Error	607	10828.75151	17.83979		
Corrected Total	627	42667.51481			
		R-Square	C.V.	Root MSE	G10 Mean
		0.746206	4.396794	4.223717	96.0635669
Source	DF	Anova SS	Mean Square	F Value	Pr > F
BEH	20	31838.76330	1591.93816	89.24	0.0001

Dependent Variable: G45

Source	DF	Sum of Squares		F Value	Pr > F
		Square	Mean		
Model	20	148983.7832	7449.1892	203.93	0.0001
Error	607	22172.7714	36.5285		
Corrected Total	627	171156.5547			
		R-Square	C.V.	Root MSE	G45 Mean
		0.870453	7.218040	6.043877	83.7329459
Source	DF	Anova SS	Mean Square	F Value	Pr > F
BEH	20	148983.7832	7449.1892	203.93	0.0001

Dependent Variable: G90

Source	DF	Sum of Squares		F Value	Pr > F
		Square	Mean		
Model	20	135201.7672	6760.0884	233.25	0.0001
Error	607	17592.2192	28.9822		
Corrected Total	627	152793.9864			
		R-Square	C.V.	Root MSE	G90 Mean
		0.884863	7.052872	5.383516	76.3308280
Source	DF	Anova SS	Mean Square	F Value	Pr > F
BEH	20	135201.7672	6760.0884	233.25	0.0001

Dependent Variable: G135

Source	DF	Sum of Squares		F Value	Pr > F
		Square	Mean		
Model	20	45488.38683	2274.41934	144.79	0.0001
Error	607	9535.10618	15.70858		
Corrected Total	627	55023.49301			
		R-Square	C.V.	Root MSE	G135 Mean
		0.826708	4.541387	3.963405	87.2730096
Source	DF	Anova SS	Mean Square	F Value	Pr > F
BEH	20	45488.38683	2274.41934	144.79	0.0001

Dependent Variable: G225

Source	DF	Sum of Squares		F Value	Pr > F
		Square	Mean		
Model	20	133306.4443	6665.3222	218.62	0.0001
Error	607	18506.6922	30.4888		
Corrected Total	627	151813.1365			
		R-Square	C.V.	Root MSE	G225 Mean
		0.878096	7.012296	5.521665	78.7426115
Source	DF	Anova SS	Mean Square	F Value	Pr > F
BEH	20	133306.4443	6665.3222	218.62	0.0001

Dependent Variable: G270

Source	DF	Sum of Squares		Mean Square	F Value	Pr > F
		C.V.	Root MSE			
Model	20	328171.6264	16408.5813	320.22	0.0001	
Error	607	31103.9289	51.2421			
Corrected Total	627	359275.5553				
	R-Square			G270 Mean		
	0.913426	8.475215	7.158356	84.462293		
Source	DF	Anova SS	Mean Square	F Value	Pr > F	
BEH	20	328171.6264	16408.5813	320.22	0.0001	

Dependent Variable: G315

Source	DF	Sum of Squares		Mean Square	F Value	Pr > F
		C.V.	Root MSE			
Model	20	322175.4632	16108.7732	238.87	0.0001	
Error	607	40934.3867	67.4372			
Corrected Total	627	363109.8499				
	R-Square			G315 Mean		
	0.887267	8.015352	8.212016	102.453599		
Source	DF	Anova SS	Mean Square	F Value	Pr > F	
BEH	20	322175.4632	16108.7732	238.87	0.0001	

Dependent Variable: G335

Source	DF	Sum of Squares		Mean Square	F Value	Pr > F
		C.V.	Root MSE			
Model	20	146491.9677	7324.5984	148.76	0.0001	
Error	607	29887.0561	49.2373			
Volgens Sokal & Sneath (1963) het baie bioloë gevrees dat die rekenaar uiteindelik heeltemal die rol van die deskundige sal oorneem. Hierdie saak word nog steeds onder UPOV-geledere gedebatteer.

### 3.3 Pogings tot kwantifisering

#### 3.3.1 Die bydrae van Thompson

Thompson se werk *On Growth and Form* (1917, volgens Bonner 1966) word algemeen beskou as die beginpunt vir die moderne wiskundige benadering van biologiese vorms. Thompson het sy metode van kartesiese transformasies bekendgestel waardeur 'n eweredige reghoekige roosterpatroon op die beeld van een organisme geprojekteer, deur 'n proses van wiskundige transformasie die gedeformeerde roosterpatroon van 'n verwante vorm kan oplewer. Die roosterpatroon op 'n figuur van 'n aapschedel is byvoorbeeld na dié van 'n mens getransformeerd deur strekking en uitbulting in die breinkasgedeelte en krimping in die kakebeengedeelte (Gould 1966; Sprent 1972). Die fynheid van die roosterpatroon is afhanglik van die aantal homoloë punte wat geïdentifiseer kan word. In enkele gevalle, soos byvoorbeeld by *Begonia*-blare, is van 'n sirkelvormige roosterpatroon gebruik gemaak.

Thompson se gedagterigtigs is sterk beïnvloed deur dié van Pythagoras, wat vyf eeue v.C. reeds vorms kwantitatief benader het (Blackith in Waterman & Morowitz 1965), asook Aristoteles, wat naverwante biologiese vorms bloot as 'n saak van onderlinge oorvloed en gebrek gesien het. Ook Descartes, wat die metode van koördinate uitgedink het (Thompson 1917, volgens Bonner 1966), het 'n invloed gehad en Thompson het genoem dat kunstenaars soos Albrecht Dürer reeds 'n paar eeue gelede die prinsip van koördinate in hulle studie van die menslike vorm toegepas het.

Thompson is wyd en syd geloof vir sy merkwaardige, helder uiteengesette insigte maar dit is ironies dat hierdie wiskundige benadering juis geblyk het dat dit analities onbruikbaar sou wees (Medawar 1947). In die woorde van Bookstein (1978) het Thompson se metode ses dekades na publikasie nog steeds, behalwe in uitsonderlike gevalle, enige kwantifisering weerstaan. Dit bly 'n uitlokkende uitdaging, oneindig suggetief en stimulerend, maar moeiliker as wat oorspronklik gedink is. Hoewel grootliks onbruikbaar, is die metode nogtans 'n bydrae van die hoogste gehalte tot wetenskaplike vooruitgang (Bookstein 1978).

Thompson se metode het tog in een opsigt resultate ten opsigte van praktiese toepassing opgelewer, deur te lei na die eenvoudiger metode van allometriese ondersoeke wat in algemene gebruik gekom het (Richards & Kavanagh 1943; Bonner 1966; Felsenstein 1983). Allometrie is 'n gespesialiseerde vertakking wat kortliks as die studie van die verhouding tussen vorm en grootte gedefinieer kan word (Gould 1966; Mosimann 1970; Sprent 1972).

### **3.3.2 . Bepaling van verhoudings tussen 'n beperkte aantal gekose veranderlikes**

'n Eenvoudige benadering om 'n mate van kwantitatiewe betekenis aan vorms te gee, is die meting van sekere gekose afstande en bepaling van spesifieke verhoudings. Die eenvoudigste toepassing hiervan is te vinde in die lengte/breedteverhoudings van die gestandardiseerde vormkaart, soos onder 2 genoem. Aan die ander kant is dit ook moontlik om 'n meer komplekse stel metings uit te voer, soos byvoorbeeld te sien is in die intensiewe werkstuk van West & Noble (1984).

Die grootste beperkende faktor was nog altyd die tyd en moeite wat dit gev verg het om die metings te doen. In hierdie verband het die ontwikkeling van rekenaars dit moontlik gemaak dat tyd nie meer 'n probleem hoef te wees nie. Persone soos Oxnard (1978), Dale, Groves, Hull & O'Callaghan (1971) en Dolph (1975) het reeds in die sewentigerjare van die ontwikkelende rekenaartegnologie gebruik gemaak en West & Noble (1984), byvoorbeeld, kon reeds die voordele van 'n versyferaar benut. 'n Vername deurbraak is gemaak met die kom van outomatiese masjienvisie waardeur die tydfaktor nou so te sê heeltemal uitgeskakel kan word.

'n Beperking van hierdie benadering vir hantering van vorms is dat daar nie voorsiening gemaak word vir enige afwykings wat tussen die waargenome posisies mag voorkom nie, tensy daar vir elke afwyking nog 'n stel metings bygevoeg kan word. As byvoorbeeld slegs

die lengte/breedteverhouding en die breedste posisie bepaal word, dan weet 'n mens nog nie wat op ander plekke op die omtrek van 'n betrokke figuur plaasvind nie.

### 3.3.3 Bepaling van 'n vormfaktor

In 'n poging om 'n beter geheelbeeld van 'n vorm te kry, het outeurs dikwels vir die eenvoudiger vorms 'n sogenaamde vormfaktor uitgewerk, ook soms 'n dunheidsfaktor, rondheidsfaktor of vormindeks genoem (Anderson & Whitaker 1934; Hill 1980; West & Noble 1984; Travis & Draper 1985; Keefe & Draper 1988; Draper & Keefe 1989).

Met betrekking tot hierdie studieprojek kan Hill (1980) spesiaal vermeld word vir die blaarvormindeks wat hy uitgewerk het, aangesien hy van 'n sirkelvormige roosterpatroon gebruik gemaak het. Die roosterpatroon is op elke blaar geplaas, met die middelpunt op die hoofaar, inlyn met die breedste posisie van die blaar. Vir spesifieke gelyke hoekintervalle is die loodregte afstand vanaf die hoofaar na die buitelyn van die blaar gemeet. Die gemiddeld van hierdie afstande, uitgedruk as 'n persentasie van maksimumbreedte, is as die blaarvormindeks geneem.

Die feit dat Hill die middel van die breedste posisie op die blaar as middelpunt geneem het, mag nadelig wees in die opsig dat blare dikwels oor 'n lang afstand ewe breed is en hierdie punt dus nie altyd met volle sekerheid vasgepen kan word nie. In sy geval het Hill egter nie 'n ander keuse gehad nie, aangesien hy met fossielblare gewerk het waarvan die punt en basis dikwels afwesig was. In elk geval is die blaarbasis by sommige plantsoorte ook nie 'n duidelik herkenbare punt nie en vir studies waar die volledige blaar altyd beskikbaar is, sou die sentroïde dan as meer geskikte middelpunt kon dien.

Die benaming dunheidsfaktor of rondheidsfaktor sal na mening verkieslik wees bo vormfaktor, aangesien dit niks meer sê as hoeveel persent van 'n sekere spasie deur die vorm gevul word nie. Dit is nogtans 'n nuttige addisionele kenmerk.

### 3.3.4 Die werk van Melville

Melville het reeds in 1937 die beperkinge van selfs 'n gestandardiseerde terminologie vir vormkenmerke ingesien. Hy het toé al opgemerk dat dit nie voorsiening maak vir die oneindige variasie in intermediêre vorms wat voorkom nie en het 'n suiwer kwantitatiewe metode as oplossing aangebied.

Melville se metode vir vergelyking van blaarvorms stem baie ooreen met die metode van hierdie studieprojek. Hy het meesal van reghoekige koördinate gebruik gemaak en dan die blaarbreedte op verskillende persentasies van die genormaliseerde blaarlengte gemeet (Mellville 1937; 1951; 1960). In spesifieke gevalle, waar handvormige blare vergelyk is, het hy polêre koördinate gebruik en die straallengtes gemeet, soos wat in hierdie studieprojek gedoen is. Hy het egter die middelpunt van die sirkel op die steelaanhegtingspunt van die lamina geplaas.

Davis & Heywood (1967) gee krediet aan Melville deur te sê dat sy metode 'n akkurate vergelyking van eenvoudige blaarvorms bied en dat fyner besonderhede vergelyk kan word bloot deur die aantal metings te vermeeder. Melville se metode het egter weinig trefkrag gehad, waarskynlik vanweë die tydrowende proses om die groot aantal metings uit te voer. Slegs enkele verwysings na die metode kon opgespoor word en selfs Hill (1980), wat vir bepaling van sy blaarvormindeks op soortgelyke wyse te werk gegaan het (sien 3.3.3), was blykbaar onbewus van hierdie vroeëre bydrae.

### 3.2.5 Die bydrae van masjienvisie

Rekenaarstelsels ontwikkel steeds teen 'n geweldige tempo en word al goedkoper. Dit het gevvolglik nou lonend geword vir instansies wat byvoorbeeld cultivartoetse of saadsuiwerheidstoetse uitvoer, om masjienvisietoestelle vir outomatiese vormonderskeiding aan te skaf. Hierdie werk word tans nog op grond van visuele skatting, of eenvoudige metings met die hand, gedoen en bevat dus nog 'n groot element van subjektiwiteit (Draper & Travis 1984; Travis & Draper 1985; Keefe & Draper 1986; UPOV 1988; Draper & Keefe 1989; UPOV 1989).

Die moontlikhede van masjienvisie word reeds die afgelope ses jaar met sukses deur 'n span werkers by die Amptelike Saadtoetsstasie op Cambridge, Engeland, op verskillende plantorgane beproef. Die werk is gedoen op verskillende toetsfigure (Draper & Travis 1984), op sade van 'n aantal graan- en onkruidsoorte (Travis & Draper 1985), op geelwortelembrio's (Keefe & Draper 1986), op verskeie graansade, krisantblare en geelwortelembrio's (Keefe & Draper 1988) en op koringsade en uiebolle (Draper & Keefe 1989). As 'n resultaat van hierdie werk is 'n voorstel aan UPOV gerig dat die konvensionele kwalitatiewe vormkenmerke vir uiebolle deur beeldanalismetodes vervang word (UPOV 1989).

Masjienvisie is ook op 'n internasionale werksessie georganiseer deur UPOV, vir uitkennings van angeliercultivars oorweeg. Die werkgroep het vervolgens 'n volledig geïntegreerde, outomatiese masjienvisiesisteem voorgestel om die huidige onbevredigende, grootliks subjektiewe riglyne te vervang (UPOV 1988).

Die aanvaarding van masjienvisie deur die betrokke owerhede sal die tergende probleem van onderskeiding van biologiese vorms vir goed op 'n stetige kwantitatiewe basis kan vestig.

### 3.2.6 Die gebruik van Fourier-reekse

Huidiglik word Fourier-reekse dikwels gebruik vir hantering van vormkenmerke vanweë die toepaslikheid van die benadering op sikliese funksies. Biologiese vorms soos die buitelyne van vrugte en blare is wesentlik geslote figure wat na sikliese funksies getransformeer kan word en waarop die Fourier-benadering dus direk toegepas kan word.

'n Meer omvattende beskrywing hiervan word in Hoofstuk 6 en Bylae 6 gegee.

## BYLAE 6

### FOURIER-UITBREIDING VAN 'N EENVOUDIGE PERIODIESE FUNKSIE

Enige periodiese funksie  $\phi(\theta)$  oor die interval  $[-\pi, \pi]$  kan voorgestel word deur die Fourier-reeks

$$\phi(x) = \frac{a_0}{2} + \sum_{n=1}^{\infty} (a_n \cos n\theta + b_n \sin n\theta) \quad (1)$$

waar die koëffisiënte gegee word deur

$$a_n = \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \phi(\theta) \cos n\theta d\theta, \quad n = 0, 1, 2, 3, \dots \dots \quad (2)$$


$$b_n = \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \phi(\theta) \sin n\theta d\theta, \quad n = 1, 2, 3, \dots \dots \quad (3)$$

Ons werk hier met die eenvoudige en gerieflike interval  $[-\pi, \pi]$  want in die praktyk kan ons enige interval  $x \in [-L, L]$  transformeer na  $\theta \in [-\pi, \pi]$  deur die transformasie  $\theta = \frac{x\pi}{L}$ .

Meer algemeen, selfs al is die funksie nie streng periodies nie, dit is  $\phi(-\pi) \neq \phi(\pi)$ , maar kontinu binne die interval dan kan  $\phi$  steeds deur die Fourier-reeks (1) oor die interval  $[-\pi, \pi]$  voorgestel word.

Die oogmerk hier is om slegs 'n eenvoudige demonstrasie te gee van hoe die Fourier-reeks in die praktyk bereken word.

Beskou die eenvoudige funksie  $\phi$  soos voorgestel in Figuur 1.



FIGUUR 1

Die vergelyking van die reguitlyn funksie hierbo word gegee deur:

$$\phi(\theta) = m\theta + c \quad (4)$$

$$\text{waar } m = \frac{\phi(\theta_2) - \phi(\theta_1)}{\theta_2 - \theta_1} = \frac{1,250 - 1,000}{\pi - (-\pi)} = \frac{0,25}{2\pi} = 0,040$$

$$\text{en } c = 1,125$$


$$\therefore \phi(\theta) = 0,040 \theta + 1,125$$

Om hierdie funksie deur middel van 'n Fourier-reeks voor te stel, moet die Fourier-koëffisiënte  $a_n$  en  $b_n$  eers volgens (1) en (2) bereken word.

Deur die funksie  $\phi(\theta)$  voorgestel deur (4) in (2) en (3) te vervang kan die Fourier-koëffisiënte bepaal word.

$$\begin{aligned} a_n &= \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} (0,040 \cdot \theta + 1,125) \cdot \cos n\theta d\theta \\ &= \frac{1}{\pi} \left[ \int_{-\pi}^{\pi} 0,040 \cdot \theta \cdot \cos n\theta d\theta + \int_{-\pi}^{\pi} 1,125 \cdot \cos n\theta d\theta \right] \\ &= \frac{0,040}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \theta \cdot \cos n\theta d\theta + \frac{1,125}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \cos n\theta d\theta \\ &= \frac{0,040}{\pi} \left( \frac{1}{n^2} \cdot \cos n\theta + \frac{1}{n} \cdot \theta \cdot \sin n\theta \right) \Big|_{-\pi}^{\pi} + \frac{1,125}{\pi} \left( \frac{1}{n} \cdot \sin n\theta \right) \Big|_{-\pi}^{\pi} \\ &= \frac{0,040}{\pi} \left[ \frac{1}{n^2} \cdot \cos n\pi + \frac{1}{n} \cdot \pi \cdot \sin n\pi - \frac{1}{n^2} \cdot \cos(-n\pi) - \frac{1}{n} \cdot (-\pi) \cdot \sin(-n\pi) \right] \\ &\quad + \frac{1,125}{\pi} \left[ \frac{1}{n} \cdot \sin n\pi - \frac{1}{n} \cdot \sin(-n\pi) \right] \end{aligned}$$

Beskou die funksies  $\sin \theta$  en  $\cos \theta$  van naderby:



FIGUUR 2

Die punte a, b, c, d, e en f dui aan dat vir alle heeltallige waardes van n, sal

$$\sin n\pi = 0 = \sin (-n\pi)$$

Die punte i, ii, iii, iv, v, ensovoorts dui aan dat vir alle heeltallige waardes van n, sal

$$\cos n\pi = \cos (-n\pi)$$

$$\begin{aligned}
 \therefore a_n &= \frac{0,040}{\pi} \left[ \frac{1}{n^2} \cdot \cos n\pi + \frac{1}{n} \cdot \pi \cdot 0 - \frac{1}{n^2} \cdot \cos n\pi - \frac{1}{n} \cdot (-\pi) \cdot 0 \right] \\
 &\quad + \frac{1,125}{\pi} \left( \frac{1}{n} \cdot 0 - \frac{1}{n} \cdot 0 \right) \\
 &= \frac{0,040}{\pi} \left( \frac{1}{n^2} \cdot \cos n\pi - \frac{1}{n^2} \cos n\pi \right) \\
 &= 0
 \end{aligned}$$

By  $n = 0$  word  $a_n$  weer geïntegreer om die waarde van  $a$  te vind:

$$a_n = \frac{0,040}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \theta \cdot \cos n\theta d\theta + \frac{1,125}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \cos n\theta d\theta$$

$$\therefore a_0 = \frac{0,040}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \theta \cdot \cos 0 d\theta + \frac{1,125}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \cos 0 d\theta$$

en  $\cos 0 = 1$  uit Figuur 2.

$$\therefore a_0 = \frac{0,040}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \theta d\theta + \frac{1,125}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} d\theta$$

$$= \frac{0,040}{\pi} \left[ \frac{\theta^2}{2} \right] \Big|_{-\pi}^{\pi} + \frac{1,125}{\pi} [\theta] \Big|_{-\pi}^{\pi}$$

$$= \frac{0,040}{\pi} \left[ \frac{\pi^2}{2} - \frac{(-\pi)^2}{2} \right] + \frac{1,125}{\pi} (\pi - (-\pi))$$

$$= \frac{0,040}{\pi} \left[ \frac{\pi^2}{2} - \frac{\pi^2}{2} \right] + \frac{1,125}{\pi} (\pi + \pi)$$

$$= \frac{1,125}{\pi} (2\pi)$$

$$= 2,25$$

Verder is

$$b_n = \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} (0,040\theta + 1,125) \sin n\theta d\theta$$

$$= \frac{0,040}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \theta \cdot \sin n\theta d\theta + \frac{1,125}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \sin n\theta d\theta$$

$$= \frac{0,040}{\pi} \left[ \frac{1}{n^2} \cdot \sin n\theta - \frac{1}{n} \cdot \theta \cdot \cos n\theta \right] \Big|_{-\pi}^{\pi}$$

$$+ \frac{1,125}{\pi} \left( -\frac{1}{n} \cdot \cos n\theta \right) \Big|_{-\pi}^{\pi}$$

$$= \frac{0,040}{\pi} \left[ \frac{1}{n^2} \cdot \sin n\pi - \frac{1}{n} \cdot \pi \cdot \cos n\pi - \frac{1}{n} \cdot \sin (-n\pi) \right.$$

$$\left. + \frac{1}{n} \cdot (-\pi) \cdot \cos (-n\pi) \right] + \frac{1,125}{\pi} \left[ -\frac{1}{n} \cdot \cos n\pi + \frac{1}{n} \cdot \cos (-n\pi) \right]$$

Uit figuur 2 volg dat:

$$\sin n\pi = \sin (-n\pi) = 0 \quad \text{en}$$

$$\cos n\pi = \cos (-n\pi)$$

$$\begin{aligned}
 \therefore b_n &= \frac{0,040}{\pi} \left( -\frac{1}{2} \cdot 0 - \frac{\pi}{n} \cdot \cos n\pi - \frac{1}{n} \cdot 0 - \frac{\pi}{n} \cdot \cos n\pi \right) \\
 &\quad + \frac{1,125}{\pi} \left( -\frac{1}{n} \cdot \cos n\pi + \frac{1}{n} \cdot \cos n\pi \right) \\
 &= \frac{0,040}{\pi} \left( -\frac{2\pi}{n} \cdot \cos n\pi \right) \\
 \therefore b_n &= -\frac{0,080}{n} \cdot \cos n\pi
 \end{aligned}$$

Die Fourier-koëffisiënte is dus soos volg:

$$\begin{aligned}
 a_n &= 0 \\
 a_0 &= 2,25 \\
 b_n &= -\frac{0,080}{n} \cdot \cos n\pi
 \end{aligned}$$

Die voorstelling van die funksie  $\phi$  as 'n Fourier-reeks is dan soos volg:

$$\begin{aligned}
 \phi(\theta) &\approx \frac{a_0}{2} + \sum_{n=1}^{\infty} (a_n \cdot \cos n\theta + b_n \cdot \sin n\theta) \\
 &\approx \frac{2,25}{2} + \sum_{n=1}^{\infty} \left( 0 - \frac{0,080}{n} \cdot \cos n\pi \cdot \sin n\theta \right) \\
 &\approx 1,125 - \sum_{n=1}^{\infty} \left( \frac{0,080 \cdot \cos n\pi}{n} \cdot \sin n\theta \right) \\
 \text{en } \phi(\theta) &\approx 1,125 - \frac{0,080 \cdot \cos \pi}{1} \cdot \sin \theta \\
 &\quad - \frac{0,080 \cdot \cos 2\pi}{2} \cdot \sin 2\theta \\
 &\quad - \frac{0,080 \cdot \cos 3\pi}{3} \cdot \sin 3\theta \\
 &\quad - \frac{0,080 \cdot \cos 4\pi}{4} \cdot \sin 4\theta \\
 &\quad - \frac{0,080 \cdot \cos 5\pi}{5} \cdot \sin 5\theta \\
 &\quad - \frac{0,080 \cdot \cos 6\pi}{6} \cdot \sin 6\theta \\
 &\quad - \dots
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}\approx & \ 1,125 - \frac{0,080 (-1)}{1} \cdot \sin \theta - \frac{0,080 (1)}{2} \cdot \sin 2\theta \\ & - \frac{0,080 (-1)}{3} \cdot \sin 3\theta - \frac{0,080 (1)}{4} \cdot \sin 4\theta \\ & - \frac{0,080 (-1)}{5} \cdot \sin 5\theta - \frac{0,080 (1)}{6} \cdot \sin 6\theta \dots\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}\therefore \phi(\theta) \approx & \ 1,125 + 0,080 \sin \theta - 0,040 \sin 2\theta \\ & + 0,027 \sin 3\theta - 0,020 \sin 4\theta \\ & + 0,016 \sin 5\theta - 0,013 \sin 6\theta \\ & + 0,011 \sin 7\theta - 0,010 \sin 8\theta \\ & + 0,009 \sin 9\theta - 0,008 \sin 10\theta + \dots\end{aligned}$$

Toets die akkuraatheid van die Fourier-reeks aan die hand van 'n voorbeeld.

Beskou die punt  $\theta = + 0.5\pi$

$$\begin{aligned}\text{Omdat } \phi(\theta) &= 0,040 \cdot \theta + 1,125 \\ \text{is } \phi(0,5\pi) &= 0,040 (0,5\pi) + 1,125 \\ \therefore \phi(0,5\pi) &= 1,188\end{aligned}$$

Uit die Fourier-reeks volg:

$$\begin{aligned}\phi(\theta) \approx & \ 1,125 + 0,080 \sin(0,5\pi) - 0,040 \sin \pi \\ & + 0,027 \sin(1,5\pi) - 0,020 \sin 2\pi \\ & + 0,016 \sin(2,5\pi) - 0,013 \sin 3\pi \\ & + 0,011 \sin(3,5\pi) - 0,010 \sin 4\pi \\ & + 0,009 \sin(4,5\pi) - 0,008 \sin 5\pi + \dots \\ \\ \approx & \ 1,125 + 0,080 (1) - 0,040 (0) \\ & + 0,027 (-1) - 0,020 (0) \\ & + 0,016 (1) - 0,013 (0) \\ & + 0,011 (-1) - 0,011 (0) \\ & + 0,009 (1) - 0,008 (0) + \dots \\ \\ \therefore \phi(\theta) \approx & \ 1,125 + 0,080 - 0,027 + 0,016 - 0,011 + 0,009 - \dots \\ & \approx 1,192\end{aligned}$$


$$\begin{aligned} Fout &= \left| \frac{\text{werklike waarde} - \text{berekende waarde}}{\text{werklike waarde}} \right| \\ &= \left| \frac{1,188 - 1,192}{1,188} \right| \\ &= 0,003 \end{aligned}$$

$$\therefore \% Fout = 0,003 \cdot 100\% = 0,3\%$$

**Bespreking:**

Nadat die eerste tien (10) terme in die Fourier-reeks geneem is, laat dit nog 'n fout van 0,3%. Dit beteken dat die Fourier-reeks die oorspronklike funksie redelik stadig benader en dat nog meer terme gebruik sal moet word indien 'n akkurater voorstelling van die gegewe funksie deur middel van 'n Fourier-reeks verlang word.

Ter wille van 'n vergelykende oefening word bogenoemde prosedure herhaal vir 'n ander vergelyking van dieselfde eenvoudige aard, naamlik  $\phi$  in figuur 3.



FIGUUR 3

Die algemene vorm van die vergelyking is:

$$\phi(\theta) = m\theta + c$$

$$\text{met } m = \frac{\phi(\theta_2) - \phi(\theta_1)}{\theta_2 - \theta_1} = \frac{0,500 - 1,000}{\pi - (-\pi)} = \frac{-0,500}{2\pi} = -0,080$$

$$\text{en } c = 0,750$$

$$\therefore \phi(\theta) = -0,080\theta + 0,750$$

Net soos in die vorige voorbeeld moet die Fourier-koëffisiënte  $a_n$  en  $b_n$  gevind word deur integrasie oor die interval  $[-\pi, \pi]$ .

$$\therefore a_n = \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \phi(\theta) \cdot \cos n\theta d\theta$$

$$\text{en } b_n = \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \phi(\theta) \cdot \sin n\theta d\theta$$

$$\therefore a_n = \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} (-0,080\theta + 0,750) \cdot \cos n\theta d\theta$$

$$= \frac{1}{\pi} \left[ \int_{-\pi}^{\pi} (-0,080) \cdot \theta \cdot \cos n\theta d\theta + \int_{-\pi}^{\pi} 0,750 \cos n\theta d\theta \right]$$

$$= \frac{1}{\pi} \left[ (-0,080) \cdot \left( \frac{1}{n^2} \cdot \cos n\theta + \frac{1}{n} \cdot \theta \cdot \sin n\theta \right) \Big|_{-\pi}^{\pi} \right.$$

$$\left. + 0,750 \left( \frac{1}{n} \cdot \sin n\theta \right) \Big|_{-\pi}^{\pi} \right]$$

$$= \frac{1}{\pi} \left[ (-0,080) \cdot \left( \frac{1}{n^2} \cdot \cos n\pi + \frac{1}{n} \cdot \pi \cdot \sin n\pi - \frac{1}{n^2} \cdot \cos(-n\pi) \right) \right.$$

$$\left. - \frac{1}{n} \cdot (-\pi) \sin(-n\pi) + 0,750 \left( \frac{1}{n} \cdot \sin n\pi - \frac{1}{n} \cdot \sin(-n\pi) \right) \right]$$

en uit figuur 2 kan afgelees word dat:

$$\cos n\pi = \cos(-n\pi)$$

$$\text{en } \sin n\pi = \sin(-n\pi) = 0$$

$$\therefore a_n = -\frac{0,080}{\pi} \left[ \frac{\cos n\pi}{n^2} - \frac{\cos n\pi}{n^2} + \frac{\pi}{n} \cdot 0 + \frac{\pi}{n} \cdot 0 \right]$$

$$+ \frac{0,750}{\pi} \left( \frac{1}{n} \cdot 0 - \frac{1}{n} \cdot 0 \right)$$

$$\therefore a_n = 0$$

$$\begin{aligned} \text{en } a_0 &= \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} (-0,080 \cdot \theta + 0,750) \cdot \cos n\theta d\theta \\ &= -\frac{0,080}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \theta \cdot \cos n\theta d\theta + \frac{0,750}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \cos n\theta d\theta \end{aligned}$$

$$\text{en } \cos 0 = 1$$

$$\therefore a_0 = -\frac{0,080}{\pi} \left[ \frac{\theta^2}{2} \right] \Big|_{-\pi}^{\pi} + \frac{0,750}{\pi} (\theta) \Big|_{-\pi}^{\pi}$$

$$= 1,500$$

$$\begin{aligned} \text{en } b_n &= \frac{1}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} (-0,080 \theta + 0,750) \cdot \sin n\theta d\theta \\ &= -\frac{0,080}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \theta \cdot \sin n\theta d\theta + \frac{0,750}{\pi} \int_{-\pi}^{\pi} \sin n\theta d\theta \\ &= -\frac{0,080}{\pi} \left( \frac{1}{n^2} \cdot \sin n\theta - \frac{1}{n} \cdot \theta \cdot \cos n\theta \right) \Big|_{-\pi}^{\pi} \\ &\quad + \frac{0,750}{\pi} \left( -\frac{1}{n} \cdot \cos n\theta \right) \Big|_{-\pi}^{\pi} \\ &= -\frac{0,080}{\pi} \left[ \frac{1}{n^2} \cdot \sin n\pi - \frac{\pi}{n} \cdot \cos n\pi - \frac{1}{n^2} \cdot \sin (-n\pi) \right. \\ &\quad \left. + \frac{1}{n} \cdot (-\pi) \cdot \cos (-n\pi) \right] \\ &\quad + \frac{0,750}{\pi} \left[ -\frac{1}{n} \cdot \cos n\pi + \frac{1}{n} \cdot \cos (-n\pi) \right] \end{aligned}$$

en uit figuur 2 volg:

$$\cos n\pi = \cos (-n\pi) \text{ en } \sin n\pi = \sin (-n\pi) = 0$$

$$\begin{aligned} \therefore b_n &= -\frac{0,080}{\pi} (0 - \frac{\pi}{n} \cdot \cos n\pi - 0 - \frac{\pi}{n} \cdot \cos n\pi) \\ &\quad + \frac{0,750}{\pi} (-\frac{1}{n} \cdot \cos n\pi + \frac{1}{n} \cdot \cos n\pi) \end{aligned}$$

$$\therefore b_n = \frac{0,160}{n} \cdot \cos n\pi$$

Fourier-koëffisiënte is dus:

$$a_n = 0 \text{ en } a_0 = 1,500 \text{ en } b_n = \frac{0,160}{n} \cdot \cos n\pi$$

Die Fourier-reeks is dan:

$$\begin{aligned}\phi(\theta) &\approx \frac{a_0}{2} + \sum_{n=1}^{\infty} (a_n \cdot \cos n\theta + b_n \cdot \sin n\theta) \\ &\approx 0,750 + \sum_{n=1}^{\infty} \left( \frac{0,160}{n} \cdot \cos n\pi \cdot \sin n\theta \right) \\ &\approx 0,750 + 0,160 \cos \pi \cdot \sin \theta + \frac{0,160}{2} \cos 2\pi \cdot \sin 2\theta \\ &\quad + \frac{0,160}{3} \cos 3\pi \cdot \sin 3\theta + \frac{0,160}{4} \cos 4\pi \sin 4\theta \\ &\quad + \dots\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}\therefore \phi(\theta) &\approx 0,750 + 0,160 (-1) \sin \theta + 0,080 (1) \sin 2\theta \\ &\quad + 0,053 (-1) \sin 3\theta + 0,040 (1) \sin 4\theta \\ &\quad + 0,032 (-1) \sin 5\theta + 0,027 (1) \sin 6\theta \\ &\quad + \dots\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}\therefore \phi(\theta) &\approx 0,750 - 0,160 \sin \theta + 0,080 \sin 2\theta \\ &\quad - 0,053 \sin 3\theta + 0,040 \sin 4\theta \\ &\quad - 0,032 \sin 5\theta + 0,027 \sin 6\theta \\ &\quad - 0,023 \sin 7\theta + 0,020 \sin 8\theta \\ &\quad - 0,018 \sin 9\theta + 0,016 \sin 10\theta \\ &\quad - \dots\end{aligned}$$

Toets vir akkuraatheid:

Beskou punt  $\theta = -0,5\pi$

Omdat  $\phi(\theta) = -0,080\theta + 0,750$

$$\text{is } \phi(-0,5\pi) = -0,080(-0,5\pi) + 0,750$$

$$= 0,876$$

Uit die Fourier-reeks volg:

$$\begin{aligned} \phi(\theta) &\approx 0,750 - 0,160 \sin(-0,5\pi) + 0,080 \sin(-\pi) \\ &\quad - 0,053 \sin(-1,5\pi) + 0,040 \sin(-2\pi) \\ &\quad - 0,032 \sin(-2,5\pi) + 0,027 \sin(-3\pi) \\ &\quad - 0,023 \sin(-3,5\pi) + 0,020 \sin(-4\pi) \\ &\quad - 0,018 \sin(-4,5\pi) + 0,016 \sin(-5\pi) - \dots \\ \\ &\approx 0,750 - 0,160(-1) + 0,080 \cdot 0 \\ &\quad - 0,053(1) + 0,040 \cdot 0 \\ &\quad - 0,032(-1) + 0,027 \cdot 0 \\ &\quad - 0,023(1) + 0,020 \cdot 0 \\ &\quad - 0,018(-1) + 0,016 \cdot 0 - \dots \\ \\ &\approx 0,750 + 0,160 - 0,053 + 0,032 - 0,023 + 0,018 \dots \\ \\ &\approx 0,884 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} Fout &= \left| \frac{\text{werklike waarde} - \text{berekende waarde}}{\text{werklike waarde}} \right| \\ \\ &= \left| \frac{0,876 - 0,884}{0,876} \right| = 0,009 \end{aligned}$$

$$\therefore \% Fout = 0,009 \cdot 100\% = 0,9\%$$

### Bespreking

Uit die voorgaande twee voorbeelde blyk die volgende:

- (a) Afhangende van die akkuraatheid van die voorstelling van 'n funksie wat verlang word, mag selfs meer as twintig (20) terme van die Fourier-reeks gebruik moet word.
- (b) Om die Fourier-reeks te bepaal, is 'n omslagtige berekening.
- (c) Die Fourier-reeks wat 'n funksie voorstel, is 'n lang uitdrukking, veral as twintig of meer terme beskou word.

## BYLAE 7

### Tukey se meervoudige vergelykingstoets

Die Kleinste Betekenisvolle Verskil (K.B.V.) word soos volg deur Tukey bepaal:

$$K.B.V. = q\alpha, k, n_2 \cdot S\bar{x} \quad (\text{Van Ark 1981})$$

waar  $q\alpha, k, n_2$  = die "Studentized Range" - tabelwaarde vir die betrokke  $\alpha, k$  en  $n_2$  waardes

$\alpha$  = toetspeil vir die proef

$k$  = aantal behandelings

$n_2$  = aantal vryheidsgrade vir die fout

$S\bar{x}$  = standaardfout van die gemiddeld van die hele proef

$$\text{waarvoor } S\bar{x} = \sqrt{\frac{\sum_{i=1}^k (x_i - \bar{x})^2}{(N - k)}} / \sqrt{\frac{N}{k}}$$

waar  $x_i$  = elke afsonderlike waarneming

$\bar{x}$  = gemiddelde waarde van 'n betrokke behandeling

$N$  = totale aantal waarnemings

$k$  = aantal behandelings

$\frac{N}{k}$  = aantal herhalings.

Vir die toepassing van Tukey se meervoudige vergelykingstoets is die SAS-rekenaarprogram (SAS Institute Inc. 1985) gebruik. Die berekening van alle waardes wat vir die verkryging van die K.B.V. benodig word, is as standaard in hierdie program ingebou.

Die berekening van die K.B.V. volgens Tukey se meervoudige vergelykingstoets kan aan die hand van die mangoblaardata van hierdie studieprojek geïllustreer word, met verwysing na die  $10^\circ$ -hoek as voorbeeld (sien Tabel wat volg).

Elke cultivar word telkens as 'n behandeling beskou en dus is  $k = 24$ . Elkeen van die 20 gemete genormaliseerde straallengtes per cultivar is 'n herhaling.

$$K.B.V. = q \alpha, k, n_2 \cdot S_{\bar{x}}$$

$$\text{met } \alpha = 0,01$$

$$k = 24$$

$$n_2 = 480 - 24 = 456$$

$$\text{dus is } q\alpha, k, n_2 = 5,8170$$

$$S^2_{\bar{x}} = \frac{\text{gemiddelde fout van die kwadrate}}{\text{aantal herhalings}}$$

("mean square error - MSE")

waar die gemiddelde fout van die kwadrate gegee word deur

$$\frac{\text{Fout Som van Vierkante (Fout S.V.)}}{\text{totale aantal waarnemings - aantal behandelings}}$$

$$\text{Dus } S_{\bar{x}} = \sqrt{\frac{\text{Fout S.V.}}{N - k}} \quad | \quad \sqrt{\frac{N}{k}}$$

$$\begin{array}{lll} \text{waar Fout S.V.} & = & \text{Totale S.V.} \\ ("error sum of" & & ("corrected total" \\ "squares") & & ("sum of squares") \\ & & ("model sum of" \\ & & "squares") \end{array}$$

(Sien Bylae 4 vir bogenoemde.)

$$\begin{aligned} \text{Dus } S_{\bar{x}} &= \sqrt{\frac{\text{Tot. S.V.} - \text{Beh.S.V.}}{N - k}} \quad | \quad \sqrt{\frac{N}{k}} \\ &= \sqrt{\frac{(1,11612615 - 0,41349740)}{480 - 24}} \quad | \quad \sqrt{\frac{480}{24}} \\ &= \sqrt{0,00154085} \quad | \quad \sqrt{20} \\ &= 0,03925366 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{Dus K.B.V. by } 10^0 &= 5,817 \cdot 0,03925366 \\ &= 0,05105805 \end{aligned}$$

Die K.B.V.-waardes word deurgaans in die teks as persentasies aangegee (in hierdie geval dus 5,11).

## TUKEY SE MEERVOUDIGE VERGELYKINGSTOETS OP MANGOBLAARDATA BY 10°

ADAMS	ANDERS	CARRIE	EGOLD	EXTREMA	FASCEL	FLOR	GOUV	HADEN	HOOD	IRWIN	KEIT	KENS	KENT	NIM	PEACH	RUBY	SABRE	SAN	SENSA	SHEIL	SMITH	TOMMY	ZILL
.696	.736	.696	.621	.686	.738	.665	.699	.664	.702	.704	.779	.720	.764	.673	.643	.702	.767	.838	.700	.718	.725	.727	.659
.743	.730	.747	.686	.703	.709	.650	.662	.765	.667	.819	.762	.716	.696	.693	.672	.753	.743	.742	.732	.723	.742	.710	.654
.705	.718	.833	.762	.726	.694	.729	.694	.696	.753	.679	.778	.759	.680	.778	.651	.750	.717	.711	.694	.730	.732	.837	.661
.652	.698	.726	.620	.759	.717	.694	.722	.615	.696	.693	.770	.714	.689	.667	.724	.726	.782	.715	.745	.723	.746	.726	.578
.712	.708	.719	.657	.717	.690	.600	.679	.680	.815	.688	.718	.711	.744	.704	.670	.704	.733	.757	.655	.704	.752	.664	.628
.684	.739	.747	.630	.771	.756	.529	.700	.659	.760	.688	.688	.715	.780	.727	.644	.698	.696	.717	.660	.639	.725	.670	.654
.642	.698	.720	.601	.808	.680	.750	.709	.719	.717	.688	.747	.694	.771	.649	.670	.695	.696	.733	.821	.670	.735	.680	.676
.578	.670	.705	.758	.731	.734	.682	.650	.680	.695	.613	.754	.716	.691	.727	.677	.652	.738	.692	.722	.633	.743	.720	.738
.582	.697	.719	.716	.689	.728	.691	.735	.662	.704	.665	.724	.716	.722	.668	.650	.667	.761	.761	.723	.662	.733	.725	.620
.665	.707	.711	.657	.748	.722	.643	.735	.667	.720	.662	.765	.700	.713	.702	.641	.726	.691	.727	.714	.750	.724	.765	.645
.730	.727	.695	.658	.722	.706	.571	.687	.685	.761	.717	.767	.670	.685	.677	.709	.750	.727	.692	.712	.801	.719	.743	.672
.593	.697	.682	.663	.682	.683	.688	.725	.720	.728	.612	.787	.718	.683	.670	.678	.751	.720	.719	.778	.663	.775	.764	.615
.636	.665	.700	.626	.700	.881	.685	.653	.636	.730	.669	.771	.696	.759	.649	.679	.636	.708	.720	.683	.721	.742	.714	.657
.662	.714	.716	.674	.655	.721	.515	.759	.652	.800	.690	.789	.709	.824	.704	.683	.734	.727	.714	.752	.709	.715	.797	.645
.625	.742	.792	.732	.724	.715	.667	.696	.688	.703	.631	.808	.720	.772	.653	.717	.674	.647	.766	.706	.700	.735	.722	.721
.638	.784	.689	.691	.711	.703	.681	.702	.652	.744	.685	.760	.635	.705	.704	.688	.651	.680	.721	.697	.688	.769	.701	.660
.650	.736	.737	.645	.667	.749	.618	.702	.674	.719	.678	.780	.745	.733	.608	.690	.670	.663	.698	.655	.639	.739	.779	.584
.677	.704	.750	.656	.736	.714	.657	.760	.689	.719	.688	.679	.723	.753	.654	.639	.711	.685	.809	.779	.694	.723	.718	.648
.659	.724	.709	.571	.665	.733	.655	.704	.801	.715	.638	.766	.712	.659	.654	.669	.661	.695	.715	.702	.691	.740	.732	.646
.630	.708	.684	.701	.713	.755	.652	.714	.636	.724	.695	.815	.716	.752	.610	.644	.706	.677	.749	.676	.671	.746	.640	.598
-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----
.658	.715	.724	.666	.716	.726	.651	.704	.682	.729	.680	.760	.710	.729	.679	.672	.701	.713	.735	.715	.696	.738	.727	.648
13.16	14.30	14.48	13.33	14.31	14.53	13.02	14.09	13.64	14.57	13.60	15.21	14.21	14.58	13.57	13.44	14.02	14.25	14.70	14.31	13.93	14.76	14.53	12.96 337.48
8.66	10.23	10.48	8.88	10.24	10.55	8.48	9.92	9.30	10.62	9.25	11.56	10.09	10.62	9.21	9.03	9.82	10.16	10.80	10.23	9.70	10.89	10.56	8.40 237.69
$N = 480$																							

**BEREKENINGS:**

$$KF = (GT)^2 / N, \text{ waar } GT = \text{ somtotaal van alle waarnemings en } N = \text{ totale aantal waarnemings.}$$

$$= 237.272$$

$$\text{dus Gemiddelde Fout S.V.} = FOUT S.V. / \text{Vryheidsgrade}$$

$$Vg = 456$$

$$TOT S.V. = (\text{Som kwadrate van alle waarnemings}) - KF$$

$$= 1.1161261$$

$$= 0.7026288/456$$

$$= 0.0015409$$

$$BEH S.V. = (\text{Kwadrate van behandelingstotale/aantal herhalings van behandelings}) - KF$$

$$= .4134974$$

$$S\bar{x} = 0.03925366$$

$$\text{Tabel 14} = 5.8170000$$

$$FOUT S.V. = TOT S.V. - BEH S.V.$$

$$= .7026288$$

$$(vir S\bar{x})$$

$$KBV = 0.05105805$$

## Literatuurlys

- ANDERSON, E. & WHITAKER, T.W. 1934. Speciation in *Uvularia*. *J. Arnold Arbor.* 15: 28-42.
- BENNETT, J.R. & MAC DONALD, J.S. 1975. On the measurement of curvature in a quantized environment. *IEEE Trans. Comput. C-24:* 803-820.
- BLACKITH, R.E. 1965. Morphometrics. In: *Theoretical and Mathematical Biology*, eds Waterman, T.H. & Morowitz, H.J. Blaisdell Publishing Co., New York.
- BONDAD, M.D., RIVERA, F.N., AGCOPRA, D.B & AURIN, M.T. 1984. Philippine mangoes and their relationship to Southeast Asian cultivars. *Philipp. Geogr. J.* 28: 59-71.
- BONNER, J.T. (ed.) 1966. On growth and form. An abridged edition. The University Press, Cambridge.
- BOOKSTEIN, F.L. 1978. The measurement of biological shape and shape change. In: *Lecture notes in Biomathematics*, ed. Levin, S. Springer, Berlin.
- DALE, M.B., GROVES, R.H., HULL, V.J. & O'CALLAGHAN, J.F. 1971. A new method for describing leaf shape. *New Phytol.* 70: 437-442.
- DAVIS, P.H. & HEYWOOD, V.H. 1967. Principles of Angiosperm taxonomy. Oliver & Boyd, Edinburgh.
- DILCHER, D.L. 1974. Approaches to the identification of Angiosperm leaf remains. *Bot. Rev.* 40: 1-157.
- DOLPH, G.E. 1975. A statistical analysis of *Apocynophyllum mississippiensis*. *Palaeontogr. Abt. B* 151: 1-51.
- DOLPH, G.E. 1976. Taxometric partitioning of leaf collections. *Palaeontogr. Abt. B* 156: 65-86.
- DRAPER, S.R. & KEEFE, P.D. 1989. Machine vision for the characterization and identification of cultivars. *Plant Var. Seeds* 2: 53-62.
- DRAPER, S.R. & TRAVIS, A.J. 1984. Preliminary observations with a computer based system for analysis of the shape of seeds and vegetative structures. *J. natn. Inst. agric. Bot.* 16: 387-395.
- EXELL, A.W. & WILD, H. (eds) 1960. Provisional glossary of botanical terms. *Flora Zambesiaca* 1: 42-54.
- FELSENSTEIN, J. (ed.) 1983. Numerical taxonomy. Springer, Berlin.

- FERSON, S., ROHLF, F.J. & KOEHN, R.K. 1985. Measuring shape variation of two-dimensional outlines. *Syst. Zool.* 34: 59-68.
- GOULD, S.J. 1966. Allometry and size in ontogeny and phylogeny. *Biol. Rev.* 41: 587-640.
- HESLOP HARRISON, J. 1952. Statistical methods in plant taxonomy. *Taxon* 1: 53-59.
- HICKEY, L.J. 1973. Classification of the architecture of Dicotyledonous leaves. *Am. J. Bot.* 60: 17-33.
- HILL, R.S. 1980. A numerical taxonomic approach to the study of Angiosperm leaves. *Bot. Gaz.* 141: 213-229.
- HIRSINGER, V. 1976. Numerical strain analysis using polar coordinate transformations. *Math. Geol.* 8: 183-202.
- KEEFE, P.D. & DRAPER, S.R. 1986. The isolation of carrot embryos and their measurement by machine vision for the prediction of crop uniformity. *J. Hort. Sci.* 61: 497-502.
- KEEFE, P.D. & DRAPER, S.R. 1988. An automated machine vision system for the morphometry of new cultivars and plant genebank accessions. *Plant Var. Seeds* 1: 1-11.
- LOHMANN, G.P. 1983. Eigenshape analysis of microfossils: A general morphometric procedure for describing changes in shape. *Math. Geol.* 15: 659-672.
- MÄDLER, K. & STRAUS, A. 1971. Ein System der Blattformen mit spezieller Anwendung für die Bestimmung neogener Blattreste (Miozän und Pliozän). *Bot. Jb.* 90: 562-574.
- MÄDLER, K. 1975. Über die Möglichkeiten einer planmässigen morphologischen Analyse der dikotylen Blätter. *Cour. Forschungsinst. Senckenb.* 13: 70-118.
- MEDAWAR, P.B. 1947. Size, shape and age. In: *Essays on growth and form presented to D'Arcy Wentworth Thompson*, ed. Clark, W.E.L.G. & Medawar, P.B., 2nd edn. Clarendon Press, Oxford.
- MELTZER, B., SEARLE, N.H. & BROWN, R. 1967. Numerical specification of biological form. *Nature* 216: 32-36.
- MELLVILLE, R. 1937. The accurate definition of leaf shapes by rectangular coordinates. *Ann. Bot. N.S.* 1: 673-679.
- MELVILLE, R. 1951. A joint discussion with the Systematics Association on Biometrics and Systematics, on the application of biometrical methods in plant taxonomy. *Proc. Linn. Soc.* 162: 153-159.
- MELLVILLE, R. 1960. A metrical study of leaf-shape in hybrids: I. The leaf-shape of some  $F_1$  hybrids and their parents. *Kew Bull.* 14: 88-102.
- MELVILLE, R. 1976. The terminology of leaf architecture. *Taxon* 25: 549-561.

- MOELLERING, H. & RAYNER, J.N. 1981. The harmonic analysis of spatial shapes using Dual Axis Fourier Shape Analysis (DAFSA). *Geogr. Anal.* 13: 64-77.
- MONTGOMERY, F.H. 1978. Seeds and fruits of plants of eastern Canada and northeastern United States. University of Toronto Press, Toronto.
- MOSIMANN, J.E. 1970. Size allometry: size and shape variables with characterizations of the lognormal and generalized gamma distributions. *Am. Stat. Assn. J.* 65: 930-945.
- MUKHERJEE, S.K. 1953. The mango - its botany, cultivation, uses and future improvement, especially as observed in India. *Econ. Bot.* 7: 130-162.
- OXNARD, C. E. 1978. One biologist's view of morphometrics. *A. Rev. Ecol. Syst.* 9: 219-241.
- PERSOON, E. & FU, K.-S. 1977. Shape discrimination using Fourier descriptors. *IEEE Trans. Syst. Man Cybern.* 7: 170-179.
- RADFORD, A.E., DICKISON, W.C., MASSEY, J.R. & BELL, C.R. 1974. Vascular plant systematics. Harper & Row Publishers, New York.
- RICHARDS, O.W. & KAVANAGH, A.J. 1943. The analysis of the relative growth gradients and changing form of growing organisms: illustrated by the tobacco leaf. *Am. Nat.* 77: 385-399.
- RICKETT, H.W. 1954. Materials for a dictionary of botanical terms - I. *Bull. Torrey bot. Club* 81: 1-15.
- ROHLF, F.J. & ARCHIE, J.W. 1984. A comparison of Fourier methods for the description of wing shape in mosquitoes (Diptera: Culicidae). *Syst. Zool.* 33: 302-317.
- SAS INSTITUTE INC. 1985. SAS user's guide: statistics, Version 5 Edition. SAS Institute Inc., Cary, North Carolina
- SINGH, L.B. 1960. The mango. Botany, cultivation and utilization. Interscience Publishers, New York.
- SNEATH, P.H.A. 1976. Phenetic taxonomy at the species level and above. *Taxon* 25: 437-450.
- SNYMAN, J.A. & BUITENDAG, E. 1989. An algorithm for the characterization and identification of profile shapes. *Proc. Int. Conf. Comp. Inf.* 2: 351-354.
- SOKAL, R.R. & SNEATH, P.H.A. 1963. Principles of numerical taxonomy. Freeman and Co., San Francisco.
- SPIEGEL, M.R. 1963. Schaum's outline of theory and problems of advanced calculus. Schaum Publishing Co., New York.
- SPRENT, P. 1972. The mathematics of size and shape. *Biometrics* 28: 23-37.
- STEARNS, W.T. 1983. Botanical Latin. 3rd revised edn. David & Charles Inc., North Pomfret.

- STURROCK, T.T. & WOLFE, H.S. 1944. A key to Florida mango varieties. *Proc. Fla. State Hort. Soc.*: 175-180.
- SYSTEMATICS ASSOCIATION COMMITTEE FOR DESCRIPTIVE BIOLOGICAL TERMINOLOGY 1960. I. Preliminary list of works relevant to descriptive biological terminology. *Taxon* 9: 245-257.
- SYSTEMATICS ASSOCIATION COMMITTEE FOR DESCRIPTIVE BIOLOGICAL TERMINOLOGY 1962. II. Terminology of simple symmetrical plane shapes (chart 1). *Taxon* 11: 145-157.
- THONNAT, M. 1985. Automatic morphological description of galaxies and classification by an expert system. *INRIA Rapports de Recherche* no. 387.
- TRAVIS, A.J. & DRAPER, S.R. 1985. A computer based system for the recognition of seed shape. *Seed Sci. Technol.* 13: 813-820.
- UPOV WORKSHOP ON CARNATIONS REPORT 1988. Subgroup meeting on the revision of the test guidelines for carnation. Meeting held at La Baronne (France) and San Remo (Italy).
- UPOV TECHNICAL WORKING PARTY FOR VEGETABLES 1989. New methods, techniques and equipment in the examination of varieties. *TWV/XXII/7*.
- VAN ARK, H. 1981. Eenvoudige biometriese tegnieke en proefontwerpe met spesiale verwysing na entomologiese navorsing. *Wet. Pamf. Dep. Landb. Vis. Republ. S. Afr.* no. 396.
- WATERMAN, T.H. 1965. The problem. In: *Theoretical and Mathematical Biology*, eds Waterman, T.H. & Morowitz, H.J. Blaisdell Publishing Co., New York.
- WEST, J.G. & NOBLE, I.R. 1984. Analysis of digitised leaf images of the *Dodonaea viscosa* complex in Australia. *Taxon* 33: 595-613.
- ZAHN, C.T. & ROSKIES, R.Z. 1972. Fourier descriptors for plane closed curves. *IEEE Trans. Comp. C-21*: 269-281.